

HOOFSTUK VII

Statutêre Sensuur en enkele Hofuitsprake daaroor, 1910 - 1967

Inleiding:

Statutêre perssensuur wat klaarblyklik en openlik as blywende beletsel op die openbaarmaking van sekere feitemateriaal en die propagering van sekere partye of ideologieë of organisasies in belang van die staatsveiligheid be=doel is, is in Suid-Afrika 'n betreklike nuwigheid, soos mettertyd aangetoon sal word. Hierdie sensuurmaatreëls is merendeels as gevolg van sekere, skyn=baar losstaande, ontwikkelinge en die ontstaan van besondere bedreiginge op die nasionale of internasionale vlak deur die Parlement aangeneem, telkens na aanleiding van 'n besondere gebeurtenis of toestand of ontwikkeling. Daar be=staan gevolglik geen enkele sensuurwet op die Republiek se wetboek wat vir alle moontlike omstandighede of gebeurlikhede voorsiening maak nie. Inteen=deel, die land se sensuurwetgewing met betrekking tot die staatsveiligheid is oor 'n tydperk van baie jare aangeneem en kom verspreid in 'n hele aantal wette voor, in byna elke geval as slegs 'n element of onderdeel van 'n wet ter reëling van een of ander toestand of ontwikkeling. Die aanname van steeds meer sulke wette kan trouens verwag word, op een of ander tydstip bv. 'n wet ingevolge waarvan op een of ander wyse teen „bewysbare leuens" in die openbare pers op=getree kan word, veral waar sulke „bewysbare leuens" moontlik die strekking kan hê dat die veiligheid van die staat daardeur in die gedrang gebring kan word. In hierdie verband dien daarop gelet te word dat die bestaan van die Perskode en -verwysingsraad oënskynlik weinig invloed op die aanname van sen=suurwetgewing het.

Oënskynlik is die aanleidende oorsake tot hierdie reeks sensuurmaatreëls van 'n betreklik groot verskeidenheid, waaronder onrus en opstandigheid onder nie-blanke volksgroepe, veral waar dit die gevaar van werklike geweldpleging ingehou het of nog inhou; die organiseer van stakings, veral onder kommunistiese leiding, wat eweneens die gevaar van geweldpleging ingehou het of nog inhou of tot werklike opstand gelei het, bv. die staking van 1922. Maar hier=by kom ook onrus in buurstate en ontwikkelinge elders in Afrika wat invloed op die verloop van sake in Suid-Afrika self uitgeoefen het of kan uitoefen.

Van nader besien, is daar egter sedert die Tweede Wêreldoorlog slegs twee basiese oorsake van sensuurwetgewing met die oog op die staatsveiligheid in die Republiek: die reëling van die vreedsame naasbestaan van die volkeverskeiden=heid van Suid-Afrika enersyds en die toenemende kommunistiese insypeling in

Afrika, 'n insydeling wat histories in Suidelike Afrika eerste kop uitgesteek het, andersyds. By die nadere ontleding van die oorsake van alle sensuurwetgewing sal later blyk dat een of albei van hierdie twee sentrale oorweginge sedert unifikasie byna altyd 'n rol by die aanname of wysiging van sensuurwetgewing in Suid-Afrika gespeel het.

Die invloed wat linkse, veral kommunistiese, bedrywighede op die land se sensuurwetgewing uitgeoefen het, is onmiskenbaar, en wel sedert die vroegste stakings van blank en nie-blank kort na die stigting van die Unie in 1910. Ver al sedert die vyftiger jare is herhaaldelik sensuurmaatreëls aangeneem wat heeltemal openlik bedoel was om die kommunisme as sodanig aan bande te lê of skuiwergate in anti-kommunistiese wetgewing toe te stop. Die kommunisme as sodanig word naamlik, soos later aangetoon sal word, van owerheidsweë in Suid-Afrika as 'n bedreiging van die staatsveiligheid beskou. Waar die inkorting van politieke vryhede in die koloniale tydperk, soos in Hoofstuk IV aange toon, hoofsaaklik in belang van die koloniale bewindhebbers plaasgevind het, het beperkinge om ideologiese oorweginge in Suid-Afrika eers sedert die dertiger jare van die twintigste eeu pertinent op die voorgrond begin tree.

Historiese agtergrond:

Die Zuid-Afrika-wet, ingevolge waarvan die Unie van Suid-Afrika op 31 Mei 1910 tot stand gekom het, het die vryheid van spraak en die vryheid van die pers volgens die beste Britse tradisie nóg verleen nóg verbied. Dié saak is tydens die Nasionale konvensie nie eens te berde gebring nie. Daar was ná die opheffing van die grondwette van die twee Boererepublieke in 1900 trouens geen duidelike statutêre reëling in hierdie verband nie.⁽¹⁾ Daar kan dus ver-

(1) Vergelyk Hoofstuk IV. Slegs enkele van die hele aantal koloniale wette van voor 1910 wat publikasiereg op een of ander wyse ingekort het, kan werklik as sensuurmaatreëls in belang van die staatsveiligheid beskou word. Wet 46 van 1882 (K) en art. 2 (5) van Wet 38 van 1909 (T) het bv. veral met laster te doen gehad. Wet 9 van 1899 (K), Wet 36 van 1902 (K), Wet 7 van 1890(T) en Wet 3 van 1902 (N) het almal sekere publikasieverbiedinge bevat, maar in die besonder ten opsigte van weddenskappe, perde- en ander renne. Onder die weinige egte sensuurmaatreëls waaroor in die ou wette voorsiening gemaak is, was art. 2 van Wet 31 van 1892 (K), art. 2 van Wet 38 van 1909 (T) en art. 6 van Ordonnansie 21 van 1902 (O.V.S.) waarin dit in die besonder om die onderdrukking van obsene publikasies e.d.m. gegaan het. Volksraadsbesluit 67 van Januarie 1851 - herroep by Wet 27 van 1914 - was egter gemik teen „publieke rustverstoringe en besprekinge” en Wet 6 van 1894 (T) - eweneens by 27 van 1914 herroep - het gegaan om die reg van vereniging en vergadering van persone, m.a.w. om politieke vryhede.

klaar word dat 'n ruime mate van politieke spraak- en persvryheid ná 1827 meer en meer en dwarsdeur Suid-Afrika aanvaar is, 'n „reg" wat deur niemand ernstig in twyfel getrek is ná die stryd tussen lord Charles Somerset en die Engelse koerantmanne van die twintiger jare van die vorige eeu nie.⁽²⁾

Hierdie toestand sou egter nie baie lank kon voortduur nie, en wel omdat sekere spanninge tussen blank en blank en blank en nie-blank die regering van die nuwe staat spoedig genoop het om alte ruime vryhede pragmaties en volgens die behoefte van die tydsgewrig te begin inkort.

Die spanninge tussen blank en blank, behalwe wanneer kommunistiese handelingne daarby betrokke was, het geen blywende sensuurmaatreëls gebring nie. Genl. Louis Botha het die bedreiging van die staatsveiligheid tydens die Rebellie van 1914 bestry deur die leër op te roep en op 12 Oktober 1914 krygswet dwarsdeur die Unie af te kondig,⁽³⁾ terwyl veldm. J.C. Smuts in 1940 die Wet op Oorlogsmaatreëls deur die Parlement gevoer het, ingevolge waarvan uitgebreide, maar tydelike, sensuurmaatreëls ingestel is.⁽⁴⁾ Veel duursamer was die uitwerking van die sensuurmaatreëls wat getref is ter hantering van die opkomende nie-blanke nasionalisme, arbeidsonrus en die toenemende kommunistiese insypeling in Suid-Afrika.

Dit val nie op die terrein van hierdie studie om hierdie politieke en staatkundige spanninge almal volledig te ondersoek nie, maar die wetlike beletsels wat sedert die vroeë bestaansjare van die Unie van Suid-Afrika aan die pers opgelê is, kan nie behoorlik verstaan word sonder 'n kykie in die historiese omstandighede van Suider-Afrika in die tyd dat daardie wette aangeneem is nie. Hierdie geskiedenis kan geriefshalwe in drie tydperke ingedeel word: die tydperk sedert unifikasie tot die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939; die oorlogsjare; en die na-oorlogse tydperk wat as die koue

(2) Hierdie tendens het egter nie altyd die nie-blankes gegeld nie. Vergelyk in hierdie verband Walker, Eric A., History of Southern Africa, p. 631, waar verklaar word: „A new Native Code was applied to Natal (in 1927). This Code, inter alia embodied a principle which had been applied by the Cape Government to the troubled Transkeian territories, whereby the executive was allowed to withhold from a native the rights of habeas corpus for at least three months and deny to the courts all power of questioning its acts." Hieruit blyk dat die 90-daebepaling in Suid-Afrika geen werklike nuwigheid is nie. Dit is oorspronklik ingevoer by Wet 29 van 1897 (K).

(3) Krüger, D.W., The Age of the Generals, p. 89.

(4) Ibid, p. 195. Vergelyk ook Bylae A.

oorlog bekend geword het.

Die twintigste eeu het vir Suider-Afrika met baie konflikte aangebreek. Eerste aan die beurt was die buurkolonie Suidwes-Afrika, waar die Herero- en Hottentotoorlog teen die Duitse besetters in 1904 uitgebreek het.⁽⁵⁾ Volgens Eric Walker het hierdie opstand duidelik in Suidwes se buurkolonies invloed uitgeoefen, o.m. op die Zoeloe-opstand in Natal, al was verzet teen hoofbelasting die eintlike uiterlike oorsaak van die stryd daar.⁽⁶⁾

Ander vroeë openbaringe van wat as Bantoenasionalisme beskou kan word, was die stigting van die African National Congress in 1912,⁽⁷⁾ die Bulhoek-bloedbad van Mei 1921, waarin sektariese invloede ook 'n rol gespeel het,⁽⁸⁾ en die opstand van die Bondelswarts in Suidwes-Afrika, waarin sowat honderd mans, vroue en kinders die lewe ingeskiet het.⁽⁹⁾ Al hierdie voorvalle het die veiligheid van die jong staat in die gedrang gebring.

Die sogenaamde Ethiopiese kerke, sektariese afsplitsings van sowat al die destydse sendende kerke in die land en met 'n sterk Amerikaanse inslag, het ook nie tot rus onder die Bantoe gelei nie,⁽¹⁰⁾ terwyl Mohandas (die Mahatma) Gandhi veral Transvaal en Natal tussen 1907 en 1914 met sy veldtog van lydelike verzet op horings gehad het.⁽¹¹⁾ Boonop het Sauer se Wet op Naturellegrondbesit (27 van 1913) verdere ontevredenheid en onrus in die hand gewerk.⁽¹²⁾ Al hierdie fak=

(5) Walker, E.A., History of Southern Africa, 1957, p. 4.

(6) Walker, p. 525; vergelyk ook Correspondence Relating to Native Disturbances in Natal, Mei 1906, p. 1.

(7) Walker, p. 549; vergelyk ook Correspondence, p. 4, 9 en 15. Goewerneur Henry McCallum skryf aan die Britse Minister van kolonies: „....the present native outbreak has been premature; the unfathomable unrest which has been observed amongst the natives of South Africa during the last two years was intended to culminate in simultaneous and concerted action; that Ethiopianism, which has for its cry 'Africa for the Blacks' is the mainspring of the movement.”

Vergelyk ook Bosman, kapt. Walter, The Natal Rebellion of 1906, p. 1, en Stuart, kapt. J., A History of the Zulu Rebellion, 1906, p. 542.

(8) Walker, p. 587, 588.

(9) Ibid, p. 594.

(10) Ibid, p. 587 e.v. Vergelyk in hierdie verband die aanhaling uit McCallum se brief in voetnoot (7).

(11) Ibid, p. 549 e.v.

(12) Ibid, p. 549.

tore wat die vrede en veiligheid in gevaar gestel het, sou mettertyd tot die inkorting van spraak- en persvryheid bydra.

En onderwyl dit onder die nie-blankes gekook het, het die regering met ernstige werkersonrus te doen gekry. In Julie 1913 moes imperiale troepe uitgeroep word om 'n staking by die New Kleinfonteinmyn te besweer. Teen die einde van daardie jaar volg 'n steenkoolstaking in Natal en ook nog 'n spoorwegstaking. In Januarie 1914 moes 60,000 man opgeroep word om nog 'n mynstaking te smoor, waarna genl. J.C. Smuts nege sg. Sindikalistiese summier en onwettig na Engeland gedeporteer het.⁽¹³⁾

Die algemene arbeidstoestand het in 1915 verder versleg weens die skeuring van die Arbeidersparty, 'n skeuring onder die leiding van Bill Andrews en Sidney Bunting, „which had transformed itself into the War upon War Group, parent of the future South African Communist Party.”⁽¹⁴⁾ Hierdie groep wat in 1915 sy eie blad, The International, opgerig het, het op 29 Julie 1921 formeel tot die stigting van die Kommunistiese Party van Suid-Afrika oorgegaan.⁽¹⁵⁾ Die ontplooiing van die kommunisme so gou ná die Rooi Revolusie van 1917 in Rusland het groter gevare vir Suid-Afrika ingehou, soos reeds in 1922 sou blyk.

In hierdie stadium het buitendien 'n nuwe mag in Suid-Afrika op die voorgrond getree: deur Kommuniste gesteunde of georganiseerde nie-blanke vakbonde.

Eerste op die toneel was Klements Kadalie se Industrial Commercial Workers' Union (I.C.U.), wat in 1927 gestig is, nie soseer as vakbond nie: „Rather was it a would-be organisation of non-Europeans against all forms of oppression and, as such, scarcely welcomed by such white folk as knew of its existence.”⁽¹⁶⁾ Die International Socialist League het intussen self ook 'n Bantogroep gestig wat hulle die Industrial Workers of Africa genoem het en wat in 1918 sy eerste staking uitgeroep het.⁽¹⁷⁾ Hierop het 'n rits stakings gevolg: die I.W.A. en I.C.U. probeer om 'n dokstaking in Kaapstad aan die gang te kry; Kleurling- en

(13) Ibid, p. 554; vergelyk in hierdie verband ook Du Toit, M.A., Die S.A. Vakbondwese: 'n Voorlopige Studie (M.Com.-verhandeling) p. 12 tot 16; en Du Plessis, H.L., Die Vakbondwese in S.A., met spesiale verwysing na die Klere-werkersunie, (M.A.-verhandeling), Hoofstuk IV, p. 102-112.

(14) Walker, p. 564 en 585; vergelyk ook Horrell, M., Racialism in the trade unions, p. 2.

(15) Vermaak, C., The Red Trap, p. 8, 9.

(16) Walker, p. 585.

(17) Ibid, p. 586.

Bantoebestuurders van die Kimberleyse stadsraad staak; en in Maart en April reël die African National Union monstervergaderings, huis-tot-huis-insamelings van passe en die openbare verbranding daarvan.⁽¹⁸⁾ In 1920 staak 71,000 Bantoe van die Randse goudmyne - net ná 'n geslaagde staking van blanke munisipale werkers in Durban, en in dieselfde jaar volg die staking van nie-blanke leerlinge by die Kilnerton-sendinginstituut naby Pretoria en van die teologiese studente van Fort Hare.⁽¹⁹⁾ Hierdie opstootjies het al hoe bloediger geword, want in 'n skietery by die tronk van Port Elizabeth laat 24 mense die lewe ná die inhegtenisneming van die I.C.U.-leier Masabala.⁽²⁰⁾

Hoogtepunt van hierdie stakingsveldtog word met die staking van 1922 aan die Rand bereik. Op 6 Maart „the Council of Action, a small group of Communists affiliated to the Third International, thrust the Federation (die S.A. Industrial Federation, 'n vakbondorganisasie) aside and let loose 'the bare-armed fighting man' to the cry of 'Workers of the World, unite for a White South Africa.' " Teen die tyd dat die staking op 15 Maart afgelas is, het die dodesyfer op 230 gestaan en was daar in die geheel sowat 2000 ongevallen.⁽²¹⁾ Die staking van 1922 was klaarblyklik 'n volwaardige revolusionêre uitdaging van die staatsgesag.

In 1926 het Kadalie blykbaar vertroue in die blanke Kommuniste in sy organisasie verloor en hulle uitgeskop,⁽²²⁾ waarop die uitgeskoptes met die hulp van Bennie Weinbren aktief met die stigting van kommunisties geneigde Bantoevakbonde begin het.⁽²³⁾ In 1928 het Bantoe werkers vir die eerste keer ter ondersteuning van blankes gestaak, en wel in belang van E. Solly Sachs se blanke klerewerkersvakbond.⁽²⁴⁾

Die toenemende krag van die Kommunistiese Party het die Arbeidersparty stelselmatig verder en verder verswak, wat tot regstreekse en openlike inmenging van die Komintern in Suid-Afrikaanse aangeleenthede gelei het, as ge-

(18) Ibid.

(19) Ibid.

(20) Ibid.

(21) Ibid, p. 588 tot 592; Vergelyk in hierdie verband ook Walker, I.A., en Weinbren, B., 2000 Casualties, en Herd, N., 1922 Revolt on the Rand vir vollediger besonderhede.

(22) Walker, p. 622.

(23) Ibid, p. 623.

(24) Ibid.

volg waarvan die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party oorweldigend swart ge= word het.⁽²⁵⁾ "One sign of the change was that it got into touch with Bantu sympathisers outside the Union.....another sign was that it fell increasingly under the domination of the Moscow Comintern and, in 1928, in obedience to its ukase, adopted an ultra-red line, reorganised its newspaper, The South African Worker, as a predominantly Bantu Journal, and appointed as editor of this, the first frankly Communist newspaper in South Africa, the uncompromising young Bolshevik, Douglas Wolton."⁽²⁶⁾

Die laaste betekenisvolle gepoogde magsgreep van die Kommuniste voor die Tweede Wêreldoorlog het in die vroeë dertiger jare gekom en tot die „feitlike selfmoord" van die party gelei. Walker vat hierdie episode soos volg saam: "During the 'Black Peril' election, Bunting and Wolton had contested seats in Tembuland and the Cape Flats with ill success. Undismayed by the openly displayed hostility and even violence of the police and white farmers in such normally law-abiding places as the Paarl and Worcester, the Party formed the League of African Rights. This, however, it dissolved almost at once at the bidding of the distant Comintern and allowed itself to fall into the hands of Wolton, his wife, Molly, the Lithuanian Lazar Bach and their like. These youthful zealots changed the title of the S.A. Worker to Umsebenzi (The Worker), enforced the most rigid discipline, and cheerfully purged their party of such 'right wing, social democratic and vacillating elements' as the veteran Bill Andrews, Bunting, Weinbren and Emil Sachs. Having thus blown out the Party's brains, the Woltons, sorely harassed by the Minister under the Riotous Assemblies Act, defied the rules they had enforced against others by sailing for their native England early in 1933."⁽²⁷⁾ Hieruit moet nie afgelei word dat die kommunistiese bedreiging vir Suid-Afrika verby was nie. Die party sou ná 'n tydperk van reorganisasie met groter krag as ooit optree.

Hoogverraadsake

Die spanninge in Europa wat deur die opkoms van die Nazi- en Fascistepartye veroorsaak is, het tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog weinig indruk op Suid-Afrika se wetgewing gemaak. Dit het in elk geval tot geen nuwe sensuurwetgewing gelei nie, hoewel genl. Hertzog veral in belang van goeie betrekkinge met Duitsland duidelik ongeduldig met dele van die pers geraak het,

(25) Ibid.

(26) Ibid, p. 624.

(27) Ibid, p. 626.

wat, soos in Hoofstuk VI aangetoon, op sy beurt tot die eerste Suid-Afrikaanse perskode van 1939 gelei het.

Al het die Tweede Wêreldoorlog tot geen verdere permanente sensuurwetgewing gelei nie, het die oorlog tog belangrike juridiese gevolge vir die Suid-Afrikaanse pers gehad, soos blyk uit 'n reeks hofsake waarin Suid-Afrikaanse burgers daarvan aangekla was dat hulle buite die landsgrense hulp aan die vyand verleen het.

In die saak van R.v. Holm het 'n spesiale hof bevind dat „by broadcasting (oor die Duitse radio) they had intentionally caused an 'atmospheric disturbance' in the Union in order to render the propaganda which they were broadcasting audible in the Union, and if this conduct constituted high treason then clearly the unlawful act had been partially committed in the Union.”⁽²⁸⁾

Holm en sy medebeskuiddigde, Pienaar, is albei op vier aanklagte skuldig bevind, wat almal daarop neergekom het dat hulle by die Duitse uitsaai korporasie in diens getree het, materiaal vir uitsending voorberei het, Duitse propaganda na Suid-Afrika uitgesaai het en dat hulle die „solemn vow prescribed by the German Public Service Act to be loyal and obedient to the Führer of the German Reich”⁽²⁹⁾ afgelê het.

Die aanklagte was almal gegrond op art. 215 van Wet 31 van 1917, wat later uitvoeriger bespreek sal word.

Adv. (tans regter) V.G. Hiemstra het in sy betoog in die Appèlhof o.m. aangevoer dat „no Union Legislature has made provision for extra-territorial crimes,”⁽³⁰⁾ maar hoofregter Watermeyer en appèlregters Tindall, Centlivres, Greenberg en Schreiner het op albei regspunte wat vir oorweging aan die Appèlhof voorgelê is, ten gunste van die staat beslis. Hierdie regspunte was:

„Whether the Special Court correctly held that it had jurisdiction to try the crime of high treason committed outside the boundaries of the Union.

„(2) Whether the Court had jurisdiction by reason of the fact that the propaganda alleged and found to have been broadcast from Germany by the accused was heard in the Union including the Transvaal Province.”⁽³¹⁾

Dieselfde vyf appèlregters het op 13 en 14 November 1947 die appèl van R.v. Strauss aangehoor.⁽³²⁾ Strauss het op drie aanklagte tereg gestaan wat almal ook

(28) R. v. Holm, 1948 (1) S.A. 925(A) op p. 925.

(29) Op p. 928.

(30) Op p. 926.

(31) Op p. 929.

(32) 1948 (1) S.A. 934(A).

daarop neergekom het dat hy tussen 6 September 1939 en 28 Februarie 1945 propagandamateriaal vir die Duitse uitsaaikorporasie voorberei en uitgesaai het.⁽³³⁾ Strauss is op al drie aanklagte skuldig bevind. Drie regs vrae is in hierdie saak vir die Appèlhof voorbehou. Die eerste twee was presies dieselfde as in die appèl van Holm en Pienaar, maar die derde het gegaan om die vraag „whether there was legal evidence on which the Special Court could convict the accused in respect of any overt acts charged.”⁽³⁴⁾

Namens Strauss het dr. T.E. Dönges (bygestaan deur adv. Hiemstra) aangevoer dat daar in die Spesiale Hof geen wettige getuienis oor opsetlike daade deur twee getuies gelewer is soos art. 284 van Wet 31 van 1917 vereis nie. Hoofregter Watermeyer het in hierdie verband egter bevind dat ook ander getuienis „is admissible to prove an overt act.”⁽³⁵⁾

Nog interessanter vir die pers is die Hoofregter se bevinding in verband met die aangeklaagde se bedoelinge. Die Hoofregter het in hierdie verband verklaar: „It was argued that the appellant, so far from being animated by hostility towards the Union, was animated by a desire to benefit the Union by furthering what in his judgment were its best interests, that he thought the best interests of the Union lay in taking no further part in the war and consequently his purpose was to persuade the people of the Union to bring about a change in government by constitutional means and thus put a stop to the war against Germany by the exercise of their legitimate rights.

„The Special Court was not satisfied that this was his real or only purpose.....I agree with that view. Though the ultimate end which an actor has in view is often spoken of as his motive, it is perhaps more correct to say that the desire or wish for that end is his motive, because it is the desire or wish which moves him to act. But if, in yielding to that desire, the actor takes steps to achieve his end which as a reasonable man he must know or foresee are likely to cause some forbidden effect, other than the one desired as his ultimate end, then in law he intends that effect and is responsible for it.”⁽³⁶⁾

Die slotgevolgtrekking van die Hoofregter is in die besonder vir die pers van groot betekenis: „Mr. Dönges, on behalf of the accused, laid stress upon the right of a citizen freely to express his opinions, but, of course, that

(33) Op p. 936 e.v.

(34) Ibid.

(35) Op p. 940.

(36) Op p. 941.

right can only be exercised within the limits of the law, and when the accused entered the service of the enemy and broadcast on his behalf in time of war, he transgressed the law."⁽³⁷⁾

Die Appèlhof het sedert 1947 geen uitspraak gelewer waarin die beginsels wat in hierdie belangrike uitsprake neergelê is, gewysig is nie. Vir die pers, soos in Hoofstuk I omskryf, is dit van die allergrootste betekenis, want volgens hierdie beslissing kan 'n aanklag te eniger tyd in die Republiek aanhangig gemaak word na aanleiding van enige verbode geskrif, uitsending, beeld of foto wat 'n Suid-Afrikaner in die buiteland gepubliseer of vervaardig het, mits daar bewyse is dat dit êrens in die Republiek gelees, gehoor of gesien is. Hierdie hofbeslissings verhoog dus die trefwydte van alle sensuurmaatreëls van die staat in belang van die staatsveiligheid en moet as 't ware ingelees word in die bepalinge van alle statutêre bepalinge wat verder in hierdie hoofstuk bespreek word.

Beweging na Links:

Terwyl die Nazisme en Fascisme deur die Geallieerdes in die Tweede Wêreldoorlog verpletter is, het hierdie oorlog egter vir Suid-Afrika weer 'n sigbare beweging na links as nasleep meegebring. Reeds in die algemene verkiesing van 1943 het die vroeër uitgedunde Arbeidersparty sy verteenwoordiging in die Volksraad van vier tot nege opgeskuif.⁽³⁸⁾ Nadat die party in 1944 se verkiesings die sterkste groep in die Johannesburgse stadsraad geword het, het hy selfs in die politieke slagting van Mei 1948 daarin geslaag om nog ses verteenwoordigers in die Volksraad te behou⁽³⁹⁾ en na verhouding minder terrein as die Verenigde Party te verloor. Oor die openlik georganiseerde Arbeidersparty was daar, in weerwil van bekende linkse elemente, egter nooit besondere onrus in die land nie, wel oor die opwelling van krag wat die destydse Kommunistiese Party onder blankes en nie-blankes geopenbaar het. Sam Kahn het in Kaapland die eerste Komunis geword wat tot die Volksraad verkies is, terwyl ander bekende lede van die party stadsraadslede en lede van die Provinsiale Raad geword het.⁽⁴⁰⁾ Latere hofsake het dokumentêre bewys aan die lig gebring dat sedert die vroeë veertiger jare aktief met die oog op revolusie georganiseer is, terwyl die in-

(37) Ibid.

(38) Krüger, D.W., The age of the Generals, p. 207.

(39) Ibid, p. 226.

(40) Ludi, G., Die verbasende Bram Fischer, p. 8.

sypeling in frontorganisasies verskerp is.⁽⁴¹⁾ Die kommunistiese bedreiging van die staatsveiligheid was onmiddellik ná die oorlog groter as ooit.

Dit is nie die voorneme om in hierdie werk ondersoek na alle bedrywighede van die Kommunistiese Party in te stel nie: slegs hooftrekke kan aangedui word. Ná die staking van Augustus 1946 is kapt. (later kol.) D.H. Botha gelas om die oorsake van die staking te ondersoek⁽⁴²⁾ en sy verslag is op 13 Junie 1952 in die Volksraad ter tafel gelê.⁽⁴³⁾ In latere hofsake, veral sedert die hoogverraadsaak van 1961, is stapels dokumente by die hof ingedien waaruit die hele kommunistiese komplot teen die bestaande orde in die land aan die lig gekom het.⁽⁴⁴⁾

Teen hierdie kommunistiese bedrywighede is sedert 1950 by wyse van wetgewing op verskeie terreine kragtig opgetree. Verskeie van hierdie wette is vir die pers van besondere betekenis en sal in daardie mate bespreek word as wat nodig is om aan te toon in watter mate die persvryheid daardeur ingekort is. In hierdie opsig is die tendens baie duidelik: sedert 1950 is 'n reeks wette deur die Parlement aanvaar wat die persvryheid in belang van die staatsveiligheid baie duidelik aan bande lê.

In hierdie proses is die sensuurwetgewing wat voor 1950 in die Unie en voor unifikasie in die kolonies bestaan het, ingrypend gewysig, gewoonlik met die oog op die verskerping van sensuurmaatreëls in belang van die staatsveiligheid. In die raamwerk van hierdie studie is dit ondoenlik om al hierdie wysiginge van die ou wette aan te haal of in besonderhede redes vir al die wysiginge aan te voer. In hierdie verband word aangesluit by die standpunt wat in 1967 deur die NPU in 'n skrywe aan die Commonwealth Press Union in verband met persvryheid in die Republiek gestel is en waarin verklaar word:

(41) Vermaak, C., The Red Trap, p. 25. Vergelyk ook Hansard, Band 73, kol. 9178 tot 9199, die tweedeleesingstoespraak van die Minister van Justisie by die indiening van die Wet op die onderdrukking van kommunisme (44 van 1950).

(42) Vermaak, p. 29.

(43) Hansard, 1952, kol. 8709 - 8732.

(44) Vergelyk in hierdie verband naas Vermaak se The Red Trap die volgende: Strydom, L., Rivonia - masker af; De Villiers, regter H.H.W., Rivonia, operation Mayibuye; Ludi, G., en Grobbelaar, B., Die verbasende Bram Fischer; Weiss, prof. P.F.D., in Referate gelewer by die volkskongres oor kommunisme, p. 167 e.v.

Die 7 wette wat
persvryheid beperk + nog 3

„South Africa recognises Press Freedom in the general sense in which it is accepted in democratic countries. Newspapers are free to ascertain and publish facts and opinions on matters of public interest or curiosity provided this does not transgress the normal laws relating to security, obscenity, incitement, blasphemy or libel. Newspapers are also free to comment on such matters.“⁽⁴⁵⁾

In sy brief het die NPU sewe wette genoem „which effect or restrict publication of particular matters which may broadly be classified as matters relating to the security of the State or the prevention of subversion, military information, matters promoting communism, the encouragement of civil disobedience or other lawbreaking with a political motive.“ Die wette waarna die NPU verwys het, is die volgende: Wet 16 van 1956; Wet 56 van 1955, soos gewysig; Wet 38 van 1927; Wet 17 van 1956; Wet 44 van 1950; Wet 3 van 1953 en Wet 8 van 1959.⁽⁴⁶⁾

Aandag sal egter ook geskenk word aan die nuwe Verdedigingswet (85 van 1967), die Wet op Atoomkrag (90 van 1967) en die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede (Wet 26 van 1963), aangesien die Publikasieraad ingevolge hierdie wet geskep en met die mag bekleed is om op sekere, vir die staat gevaarlike, stof beslag te lê.

By die ontleding van wette waarby verskeie vryhede ingekort is, sal in hoofsaak aandag geskenk word aan daardie bepalinge wat spesifiek op die pers betrekking het. Ook by die bespreking van enkele hofsake sal slegs daardie vermeld word waarby die pers regstreeks belang het.

(45) Uys, G.G.A., in Omsendbrief 67/43 20 Junie 1967.

(46) Ibid.

I. De Oproerige Bijeenkomsten en Krimineel Recht Wijzigingswet (27 van 1914)

Vir sover dit wetgewing ter beveiliging van die staat betref, het unifikasie natuurlik nie in 'n juridiese vakuum plaasgevind nie. In die Suid-Afrika-wet is spesifiek voorsiening gemaak vir die voortbestaan van alle wetgewing van die ou kolonies tot tyd en wyl hulle deur die Parlement herroep of gewysig word. (1)

Die vloedgolf van stakings onmiddellik ná die stigting van die Unie (soos hierbo aangestip) en waarby blankes, Indiërs en Bantoe betrokke was, het die regering van die dag al gou genoop om konsoliderende en wysigende wetgewing te laat aanneem om die Minister van Justisie met afdoende magte te beklee om te voorkom dat stakings e.d.m. tot ernstige wanordelikheid en 'n werklike bedreiging van die staatsveiligheid lei. Hierdie eerste maatreël van die Unie-parlement teen oproer, Wet 27 van 1914, soos herhaaldelik gewysig, was dan ook die één instrument waarmee die staat in die tydperk 1914 tot 1939, d.w.s. tot en met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog, teen oproerigheid, ongemagtigde stakings, die aanblasing van rassehaat e.d.m. kon optree. Dit val op dat die Wet op Oproerige Byeekomste skaars vier jaar ná die stigting van die Unie aangeneem is: kortom die regering van die dag het in die lig van die vloedgolf stakings net ná die stigting van die Unie en die versetveldtog van die Indiërs tot die gevolgtrekking gekom dat hy wyer magte nodig het om die jong staat se veiligheid teen interne oproer te waarborg as wat in die ou koloniale wette verleen is.

In artikel 1 van hierdie wet is aan magistrate mag verleen om op versoek van bevoegde persone sekere samekomste te verbied en in die tweede artikel van die wet volg bepalinge wat nie anders beskou kan word nie as regstreekse beletsels op die persvryheid. Art. 2 lui: „Een ieder, die een kennisgeving drukt, uitgeeft of uitdeelt of op welke wijze ook in omloop brengt, waarbij een openbaren zamekomst word beleg^d, die ten tijde van de kennisgeving alreeds verboden was overeenkomstig voorgaand artikel, is schuldig aan een overtreding, tenzij hij het hof overtuig^t dat hem het verbod niet bekend was.....” Hierdie artikel is ook hierin belangrik dat die bewyslas aan die beskuldigde opgelê word.

Vir joernaliste is die volgende artikel ook belangrik. Art. 3(2) lui

(1) Suid-Afrika-Wet, art. 135. Vergelyk in hierdie verband ook voetnoot (1) hierbo waaruit duidelik blyk hoe groot die verskeidenheid wette was wat in die kolonies bestaan het.

naamlik: „Een ieder, die een ingevolge dit artikel gesloten openbare plek, terwyl die nog gesloten is, betreedt of daar blyft, tensij hij vergunning heeft van de dienstdoende politie, is schuldig aan een overtreding....." Die draagwydte van hierdie bepalinge is nooit in die Hooggeregshof getoets nie.

Die stigting van nie-blanke vakbonde onder kommunistiese leiding of invloed sedert 1927⁽²⁾ het die verskerping van die bepaling van hierdie wet in die hand gewerk. In 1930 is die Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste (19 van 1930) aangeneem wat ook betrekking op die pers gehad het. Reeds in artikel 1 van die wysigingswet word die pers verbied om enigiets te publiseer wat tot rassevyandskap kan lei. Die artikel lui: „1 (7) Wanneer de Goeverneur-generaal van oordeel is dat de publikatie of andere verspreiding van een of ander schriftelik bericht (zoals omschreven in sub-artikel (11)) berekend is om gevoelens van vijandschap te verwekken tussen de blanke inwoners van de Unie enerzijds en een ander deel van de inwoners anderzijds, kan hij bij kennisgeving in de Staatskoerant en in een nieuwsblad in omloop in het gebied waar bedoeld schriftelik bericht aan het publiek verkrijgbaar gesteld wordt, de publikatie of andere verspreiding ervan verbieden."

Subartikels (8) en (9) handel albei nog met hierdie verbod, (8) met die wyse waarop die kennisgewing op die blad bestel moet word en (9) met die reg van die blad om in die Hooggeregshof om die tersydestelling van die verbod aansoek te doen.

Hoe groot die draagwydte van hierdie verbod kon wees, blyk uit art. 1 (11) waarin „schriftelik bericht" omskryf word as „een boek, buitenlands tijdschrift, pamflet, manifest, buitenlands nieuwsblad, strooibiljet of plakaat of een artikel of advertentie, spotprent, afbeelding of tekening in een van tijd tot tijd verschijnend blad of tijdschrift of in een nieuwsblad." Die draagwydte van hierdie maatreël is nie in die Hooggeregshof getoets nie, maar wat opval, is dat die toenmalige regering reeds stappe teen die verspreiding van kwaadwillige en staatsgevaarlike lektuur, waaronder koerante en tydskrifte, uit die buiteland in Suid-Afrika gedoen het. Dit toon duidelik die verband aan tussen die Suid-Afrikaanse en buitelandse kommunisme, want in daardie jare was die oorsaak van ernstige rassespansinge in Suid-Afrika selde elders as by die Kommunistiese Party te vind.⁽³⁾

Kort voor die wysiging van die Wet op Oproerige Byeenkomste in 1930 het die destydse regering verdere maatreëls getref om die aanblaas van rassespansinge te

(2) Walker, p. 623.

(3) Vergelyk Walker, p. 626.

verbied. Hierdie maatreëls, vervat in art. 29(1) van die Wet op Naturelleadministrasie (38 van 1927), is ook vir die pers van betekenis. Dit lui: „Elkeen wat woorde uit of enige ander handeling doen met die doel om vyandige gevoelens tussen naturelle en blankes te bevorder, is skuldig aan 'n misdryf....." (4)

Die Wet op Oproerige Byeenkomste is selfs ná die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (44 van 1950) hersien en uitgebrei by Wet 17 van 1956. In die gewysigde wet is die beginsel behou dat die verwekking van vyandigheid tussen blankes en nie-blankes strafbaar is, dat die Goewerneur-generaal (tans die Staatspresident) die publikasie of verspreiding van skadelik geagte „dokumentêre inligting" kan verbied (art. 3(1); dat 'n landdros 'n byeenkoms kan verbied wanneer hy rede het om te vrees dat die openbare rus in gevaar gebring sal word (art. 2(1)), en ook wanneer daar volgens die oordeel van die Minister van Justisie rede is om te vrees dat 'n gevoel van vyandigheid tussen blankes en nie-blankes verwek sal word (art. 2(3)).

'n Baie belangrike toevoeging tot die oorspronklike wet is vervat in art.3. Daarin word bepaal dat 'n byeenkoms ook verbied kan word omdat 'n bepaalde persoon (5) dit sal bywoon. Daardie persoon kan ook verbied word om daardie of ander openbare byeenkomste by te woon (art. 3(4)).

Die pers word ten opsigte van beriggewing oor die toesprake of uitlatings van derglyke mense drasties aan bande gelê. Art. 2(5) (a) bepaal dat iemand wat 'n toespraak, uitlating, geskrif of verklaring of 'n uittreksel uit of 'n opname of weergawe daarvan deur 'n persoon wat verbied is om 'n byeenkoms by te woon, sonder die toestemming van die Minister van Justisie of vir die doeleindes van die verrigtinge in 'n hof, deur meganiese middels opneem of weergee, of dit druk, publiseer of versprei, aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding strafbaar met gevangenisstraf vir 'n tydperk van een jaar en by 'n daarop volgende skuldigbevinding met tronkstraf vir 'n tydperk van twee jaar.

Die bepaling in art. 2 (5)(b) dat niemand kragtens hierdie bepaling skul-

(4) Uit hierdie bepaling (later gewysig by art. 4 van Wet 79 van 1957) het verskeie hofsake gespruit. Getuienis oor die bedoeling daarvan blyk o.m. uit R. v. Nkatlo, 1950 (1) S.A. 26 (K). Ingevolge die hoofwet het in 1950 ook die saak R. v. Sutherland & others, 1950 (4) S.A. 66 (T) gevolg, waarna later verder verwys word.

(5) Ingeperk ingevolge die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (44 van 1950).

dig bevind kan word nie indien hy die hof kan oortuig dat hy ten tye van die beweerde misdryf geen kennis van die betrokke verbod gedra het nie, tensy die verbod of besonderhede daarvan op daardie tydstep in die Staatskoerant afgekon= dig was, verlig die posisie van die pers in 'n mate, maar laat nog ruimte vir glipse. Dit impliseer naamlik dat die verslaggewer of finaliter die subredak= teur te alle tye die name moet ken van alle mense in alle dele van die land wat van die Minister van Justisie 'n bevelskrif ontvang het om openbare byeenkomste nie by te woon nie.

Die presiese vertolking van die Suid-Afrikaanse howe van art. 2(1) van hierdie wet is nog nie vasgestel nie. Die wet is duidelik wyer gestel as art. 29(1) van Wet 38 van 1927, want „met die doel om vyandige gevoelens tussen na= turelle en blanke te bevorder" word in die nuwe wet „wanneer daar volgens die oordeel van die Minister (van Justisie) rede is om te vrees dat 'n gevoel van vyandigheid tussen die blanke en nie-blanke inwoners van die land verwek sal word." Op grond van hierdie vermoede kan byeenkomste verbied word, of mense verbied word om byeenkomste by te woon, en die pers om van die uitlatinge van sodanige mense verslag te doen. Die vraag bly vir die pers belangrik in weerwil van die uitspraak van die Hooggeregshof in die saak R. v. Sutherland and Others, 1950 (4) S.A. 66 (T) in hierdie verband.

Hofstandpunte i.s. kritiek:

In die onderhawige uitspraak skyn dit of die hof van mening was dat die wet nog vir 'n ruime mate van persvryheid ruimte laat. Die besonderhede van die betrokke saak is soos volg: Die Sunday Express, verteenwoordig deur sy sekre= taris en bestuurder, die redakteur en 'n spotprenttekenaar van die blad is van= weë die publikasie van 'n spotprent in die landdroshof aangekla en skuldig be= vind. Hul appél is daarna egter in die Transvaalse Hooggeregshof gehandhaaf. Die onderhawige spotprent onder die hoof „Won't you come in" is deur die land= dros soos volg beskryf (bls. 66 van sy verslag): „On the right are two natives in tribal dress representing the Protectorates; the central figure is that of the Prime Minister, Dr. Malan. He is bowing to the two natives representing the protectorates and indicating a portal on his right. He is clearly extending the invitation to come in. Within the portal, which represents the Union, are de= picted a European with his left hand gripping the throat of a native; in his right hand, which is raised high in the act of striking, there is a heavy blunt instrument. The native has his left hand flung high and there is a look of ter= ror in his face. Clearly the European is in the act of brutally assaulting him. Immediately to the rear of the European there is the prone figure of a native

who has either been killed or rendered insensible."

Regter Murray het sy gevolgtrekking in die appèl daarop gegrond dat art. 29(1) nie straf beoog nie vir die „utterance of language or the performance of an act which is likely to promote or calculated to promote racial hostility as described." Wat werklik verbied word, het regter Murray op bls. 75 van die verslag verklaar, „was that the person accused should have had the promotion of such racial hostility as his aim and object.....the promotion of racial antagonism, not as between individuals of different races, or as between small groups of individuals each of a different race, but upon the part of the native race as a whole as against the European race as a whole.....The present cartoon is essentially nothing more than an attack on the present Government and its policy.....Criticism, and even strong criticism, provided it be left within legitimate bounds, of a government and its policy is permissible in a country where freedom of speech prevails."

Oor die bedoeling en draagwydte van die bepaling in die hoofwet (soos gewysig) het verskeie ander sake ook reeds in die Hooggeregshof gedien, waaronder R. v. Moroe, 1950 (1) S.A. 26 (K). Die beskuldigde in hierdie saak het nie-blankes aangespoor om saam te staan ten einde „baas" in Suid-Afrika te word.

In R. v. Ncwangu, 1933 N.L.R. 579 is beslis dat kritiek, al is dit onbeperk en onakkuraat ten aansien van die optrede van die wetgewende mag of die Regering of maatreëls vir die beheer van Bantoe, nie neerkom op 'n oortreding van art. 29(1) nie, tensy bewys word dat sodanige kritiek uitgespreek is met die bedoeling om vyandigheid tussen blank en nie-blank te bevorder.

Ander sake oor die bedoeling van hierdie artikel is:

R. v. Thaele, 1930 C.P.D. 332;

R. v. Diamond, 1933 N.L.R. 380 (In hierdie saak is 'n uitnodiging aan Bantoe gepubliseer om teen die Regering te agitêr);

R. v. Bunting, 1929 E.D.L. 326;

R. v. Brown, 1929 C.P.D. 221;

R. v. Dumah and another, 1928 O.P.D. 152;

R. v. Rulaghe, 1928 E.D.L. 376 (In hierdie saak is bevind dat selfs 'n tolk die nodige bedoeling geopenbaar het).

Vir die pers as sodanig is hierdie sake om die volgende redes van betekenis: R. v. Ncwangu het gegaan om die verspreiding van 'n omsendbrief van twee bladsye namens die „Communistic Party of South Africa." In die Diamond-saak het dit ook om klaarblyklik kommunisties geïnspireerde omsendbriewe gegaan, terwyl Bunting se geval aanhangig gemaak is vanweë die beweerde verspreiding van pamflette deur lede van die Kommunistiese Party. Die ander sake waarna hierbo verwys is,

het oor openbare toesprake gegaan. Die geskrewe woord het m.a.w in verskeie van die sake in die gedrang gekom.

Ander uitsprake wat in hierdie verband ter sake is, is die volgende:

In R. v. Bunting, hierbo genoem, sê regter Graham op p. 326: „It is obvious that the terms of section 29 are of a somewhat drastic character, and the general intention of the Legislature is clearly enough indicated". Die regter is nogtans nie bereid om die woord „hostility" baie wyd te vertolk nie. „No doubt it was felt that such a prohibition would lead to a dangerous interference with the honest and impartial criticism of any policy" (p.338). Die regter se gesindheid jeens die betrokke artikel blyk ook op p. 341: „I fail to see how this danger can be averted by a prosecution under an Act, which in my opinion was meant to apply to persons in good faith advocating the doctrines of the political party to which they happen to belong, unless the doctrine.....must necessarily have the effect of promoting hostility....."

In R. v. Brown, 1929 C.P.D., heg regter Van Zyl (p. 221) ook 'n beperkte betekenis aan die artikel en in R. v. Dumah and another sê regter Botha op p. 154: „If I were to hold that this language constitutes a contravention of the Act, I would have to hold also that the Legislature intended to prevent natives from voicing any grievances".

In geen van die uitsprake word in soveel woorde bevind dat die betrokke artikel te veel inbreuk op die vryheid van die pers en die vryheid van spraak maak nie, hoewel dit uit al die aangehaalde uitsprake duidelik is dat die regters destyds aangevoel het dat 'n te wye uitleg van o.m. die woord „vyandigheid" aanleiding tot 'n te ingrypende inkorting van die spraak- en persvryheid kon gee.

Samevattend sou tot die gevolgtrekking geraak kan word dat die howe met betrekking tot Wet 27 van 1914 (soos gewysig) wel geneë was om te aanvaar dat dit die bedoeling en oogmerk van die wetgewer was om die veiligheid van die staat teen oproermakers en haataanblasers te beskerm, maar in geen geval was 'n regter geneë om die beperkinge wat wel aan spraak- en persvryheid opgelê is, besonder drasties toe te pas nie.

By die bespreking van die Publikasiewet later in hierdie hoofstuk sal verdere aanhalinge uit hofuitsprake volg om aan te toon hoe die howe na 'n verloop van sowat dertig jaar oor beperkinge op spraak- en persvryheid geoordeel het.

Die wysiginge van die Wet op Oproerige Byeenkomste by Wet 39 van 1961, artt. 6,7 en 8, en Wet 76 van 1962, artt. 18 en 19, het geen wesenlike uitwerking op die bepalinge van die hoofwet ten opsigte van die pers gehad nie.

II. Wet op die Onderdrukking van die Kommuniste (44 van 1950)

Sedert 1946, toe kol. Botha aangewys is om die bedrywigheide van die Kommunistiese Party in Suid-Afrika te ondersoek, is naartig inligting oor hierdie organisasie ingewin. By die indiening van Wet 44 van 1950, die eerste van 'n reeks maatreëls ter beveiliging van die staat teen die kommunistiese bedreiging, het mnr. C.R. Swart, destydse Minister van Justisie, in hierdie verband verklaar: „Hier het dit (die kommunisme) so 'n gevaar geword dat die slotsom waartoe die kommissie gekom het wat deur my in 1948 benoem is om hierdie saak na te gaan in verband met die kommunistiese agitatie in Suid-Afrika die volgende is -

„Die saak is dringend en kommunistiese bedrywigheide in Suid-Afrika kan rampspoedige gevolge nalaat tensy dit onmiddellik die ernstige aandag van die owerhede geniet.“⁽¹⁾

'n Volledige weergawe van die Minister se toespraak is nie nodig nie, maar vir die pers in die besonder is dit van betekenis dat die Minister verklaar het dat die S.A. Society of Journalists volgens 'n dokument uit die kantore van die Kommunistiese Party een van die organisasies was waarin die Kommunistiese Party sy invloed wou laat geld.⁽²⁾ Dit werp lig op sekere bepalinge van die wet op die Onderdrukking van Kommuniste wat, soos later sal blyk, regstreeks op die pers van toepassing is.

Van al die maatreëls wat sedert 1910 met die oog op die inkorting van een of ander vryheid aangeneem is, het die Wet op die Onderdrukking van Kommuniste in bepaalde opsigte die verste gegaan. By hierdie wet word naamlik die vryheid om vir 'n oortuiging te stry, die vryheid van 'n groep gelykgesindes om hulle in 'n organisasie saam te voeg, die vryheid van spraak en die vryheid van die pers as geheel ingekort. Die spraak- en persvryheid wat hier ter sprake is, is nie die spraak- en persvryheid van net 'n groep mense wat die Parlement 'n bedreiging vir die landsveiligheid geag het nie, maar van ander burgers wat bv. die kommunisme as sodanig verwerp, en vir persorgane wat die kommunisme bestry. Die bepalinge van die wet geld naamlik alle burgers en alle persorgane. Dit ly geen twyfel nie: in belang van die staatsveiligheid is 'n drastiese wet ingevoer.

Dat hierdie wetgewing wel in belang van die staatsveiligheid aangeneem is, is ook nie deur alle kritici van die Regering as die werklike bedoeling

(1) Hansard, Deel 73, kol. 9186.

(2) Ibid.

van die wetgewing aanvaar nie. Alex Hepple, voormalige L.V., wie se verzet teen die beleid van die Regering sedert 1948 soms aan die historiese gegrens het, skryf bv.: „We must not fool ourselves. The intention is to silence those publications which forthrightly attack the policies of the Government, expose the true character of baasskap apartheid and tell South Africa and the world the facts about discriminatory laws and practices”.⁽³⁾

Ander skrywers, o.m. D.B. Molteno, ook 'n voormalige L.V., en Leo Marquard, het hulle eweneens baie krities oor die oogmerke van die wetgewing uitgelaat. Van belang is bv. die volgende aanhaling uit Marquard se werk Liberalism in South Africa: „It was after 1948 that the South African Government, in pursuit of the will o' the wisp called apartheid embarked on legislation that, year by year, destroyed more individual freedom. Particularly since 1948, sections of the Press.....have not been afraid, despite a great deal of legal and social intimidation, to join in protesting against unjust and illiberal laws”.⁽⁴⁾

'n Volledige ondersoek na alle uitsprake ten gunste van en teen hierdie wetgewing kan hier nie onderneem word nie - dit sou 'n proefskrif in sigself kan word. Met dié stelling kan volstaan word: Eenstemmigheid oor die noodsaak van dié wetgewing het nie bestaan nie.

Die oogmerk van die wet, soos in die lang titel uiteengesit, was „om die Kommunistiese Party van Suid-Afrika tot 'n onwettige organisasie te verklaar; om voorsiening te maak om ander organisasies wat kommunistiese bedrywighede bevorder, onwettig te verklaar en om sekere periodieke of ander publikasies te verbied; om sekere kommunistiese bedrywighede te verbied; en om voorsiening te maak vir ander in verband staande aangeleenthede”.

Die wet was duidelik as ingrypende maatreël met groot draagwydte bedoel. Dit blyk onder meer uit die woordomsrywings van artikel 1. Ingevolge art. 1 (v) is die Kommunistiese Party van Suid-Afrika „die organisasie wat op die vyfde dag van Mei 1950 onder daardie naam bekend gestaan het, ondanks enige verandering in die naam van daardie organisasie na bedoelde datum”. Dit is duidelik dat die Parlement ontduiking van die wet deur 'n naamsverandering wou voorkom.

In art. 1 (viii) word 'n kommunis omskryf as „iemand wat betuig dat hy 'n kommunis is of wat, nadat aan hom 'n redelike geleentheid gegee is om sodanige verhoë te rig as wat hy nodig mag ag, deur die Goewerneur-generaal of, in die

(3) Hepple, A., Black Sash (Sept. 1961) p. 18.

(4) Marquard, L., Liberalism in South Africa, p. 35.

geval van 'n ingesetene van die gebied Suidwes-Afrika, deur die Administrateur van genoemde gebied, as 'n kommunist beskou word op grond daarvan dat hy die verwesenliking van enige van die oogmerke van kommunisme of enige doen of late wat bereken is om die verwesenliking van so 'n oogmerk te bevorder, bepleit, aanraai, verdedig of aanmoedig of te eniger tyd na die inwerkingtreding van hierdie Wet bepleit, aangeraai, verdedig of aangemoedig het."

Met die aanhaling van die omskrywing van die woord kommunisme kan in hierdie verband volstaan word. Kommunisme word naamlik in art. 1 (ix) genoem „die leer van Marxistiese sosialisme soos vertolk deur Lenin of Trotsky, die Derde Kommunistiese Internasionale (Komintern) of die Kommunistiese Informasieburo (Kominform) of enige aanverwante vorm van daardie leer wat vir die bevordering van die grondbeginsels van daardie leer in die Unie verkondig of bepleit word."

Die oogmerke van die kommunisme waarna in hierdie artikel verwys word, is eweneens in artikel 1 nader omskryf en omvat die volgende: die instelling van 'n diktatuur van die proletariaat;⁽⁵⁾ die teweegbring van 'n politieke, industriële of ekonomiese verandering deur middel van onluste of wanorde;⁽⁶⁾ die teweegbring van bogenoemde veranderinge ooreenkomstig die voorskrifte of onderleiding van of in samewerking met 'n vreemde regering of internasionale instelling;⁽⁷⁾ of wat die aanwakkering van 'n gees van vyandigheid tussen die blanke en nie-blanke rasse van die land beoog.⁽⁸⁾

Die pers as sodanig word op tweeërlei wyse deur die maatreël geraak, in die eerste plaas omdat vir die verbod van sekere, vermoedelik kommunistiese, publikasies voorsiening gemaak word en in die tweede plaas omdat die publikasie van sekere stof in ander nie-kommunistiese media verbied word.

Die mag om 'n periodieke of ander publikasie te verbied, is in art. 6 aan die Goewerneur-generaal (Staatspresident) verleen. Enige van vier redes kan tot onderdrukking van 'n publikasie lei:

- (a) Indien deur die naam of andersins betuig word dat dit 'n publikasie is vir die propagering van die beginsels of die bevordering van die verspreiding van kommunisme;⁽⁹⁾
- (b) Indien dit uitgegee en versprei word deur, of onder voorskrif of leiding van 'n organisasie wat deur of kragtens artikel twee tot 'n onwet-

(5) Art. 1 (ix) (a).

(6) Art. 1 (ix) (b).

(7) Art. 1 (ix) (c).

(8) Art. 1 (ix) (d).

(9) Art. 6 (a).

tige organisasie verklaar is, of deur, of onder voorskrif of leiding van so 'n organisasie uitgegee of versprei is onmiddellik voor die datum waarop dit 'n onwettige organisasie geword het;⁽¹⁰⁾

(c) Indien dit in hoofsaak dien as 'n middel om die sienswyses uit te druk wat deur so 'n organisasie gepropageer word, of onmiddellik voor genoemde datum aldus gedien het;⁽¹¹⁾

(d) Of in hoofsaak dien as 'n middel om sienswyses uit te druk of inligting te verstrek waarvan die publikasie bedoel is om die verwesenliking van enige van die oogmerke van die kommunisme te bevorder.⁽¹²⁾

Twee sake na aanleiding van art. 6 het reeds in die Hooggeregshof gedien. In die saak Real Printing and Publishing Co. (Pty.) Ltd. v. Minister of Justice, 1965 (2) S.A. 782 (K) is die weiering van die Minister om inligting te verstrek aangaande die metode waarvolgens die kommissie van ondersoek t.o.v. 'n publikasie, New Age, te werk gegaan het, deur die hof gehandhaaf. In S. v. Malkinson, 1967 (2) S.A. 162 (K), waarin die beskuldigde daarvan aangekla was dat hy in besit van 'n eksemplaar van New Age was, is die geldigheid van die proklamasie deur die verdediging aangeval as sou dit vaag wees, maar die bewering is deur die hof verwerp.

In art. 7 word aan die Minister van Justisie die mag verleen om ondersoek in te stel of 'n publikasie wat nie klaarblyklik kommunisties is nie, verbied behoort te word.⁽¹³⁾ Wye magte word aan so 'n ondersoeker verleen, waaronder die reg om 'n perseel sonder kennisgewing te betree;⁽¹⁴⁾ enige dokument of enige eksemplaar van 'n periodieke of ander publikasie op te eis;⁽¹⁵⁾ beslag op sodanige dokumente te lê;⁽¹⁶⁾ uittreksels of afskrifte van sodanige dokumente te maak en van enige persoon 'n uitleg te vorder van enige inskrywings daarin, of van enige iets wat in so 'n periodieke of ander publikasie verskyn het.⁽¹⁷⁾ Hierdie magte is nog nie in die hof getoets nie.

(10) Art. 6 (b).

(11) Art. 6 (c).

(12) Art. 6 (d).

(13) Art. 7 (1).

(14) Art. 7 (3) (a).

(15) Art. 7 (3) (b).

(16) Art. 7 (3) (d).

(17) Art. 7 (3) (e).

Die hoofwet is herhaaldelik gewysig.⁽¹⁸⁾ In 1951 is die omskrywing van die woorde kommunist en kommunistiese party o.m. uitgebrei,⁽¹⁹⁾ terwyl in hierdie wet ook voorsiening gemaak is vir die uitsetting van kommunistiese lede uit die Parlement, die Provinsiale Rade en die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika.⁽²⁰⁾

In hierdie wet is die pers regstreeks aan bande gelê vir sover dit die publikasie van sekere nuus betref. Die onderhawige artikel⁽²¹⁾ voeg 'n nuwe subartikel 11 (g) bis tot die hoofwet toe waarby die pers verbied word om „by enige byeenkoms 'n toespraak of verklaring deur meganiese middels weer (te) gee wat te eniger tyd gemaak is deur 'n persoon wat ingevolge 'n kragtens paragraaf (e) van subartikel (i) van artikel vyf of artikel nege uitgereikte kennisgewing verbied is om bedoelde byeenkoms by te woon.” Sodanige mededeling ens. mag alleen met die toestemming van die Minister van Justisie of vir die oogmerke van 'n hofgeding openbaar gemaak word.

Ook die besit van verbode publikasies sonder die toestemming van die Minister van Justisie is tot misdryf verklaar,⁽²²⁾ sowel as die druk, publikasie en verspreiding op enige wyse van 'n kennisgewing waarby 'n verbode vergadering belê word.⁽²³⁾

Regstreekse inkorting van die persvryheid is ook in die wysigingswet van 1962 gemagtig.⁽²⁴⁾ In art. 5 word die hoofwet gewysig deur die toevoeging van 'n subartikel 6 bis (1) wat lui: „Geen nuusbladsertifikaat word kragtens die Nuusblad- en Drukkersnaam-Wet (14 van 1934) ten opsigte van 'n nuusblad uitgereik nie, tensy die eienaar van die nuusblad by die Minister van Binnelandse Sake die bedrag stort van hoogstens twintig duisend rand wat die Minister bepaal, of tensy die Minister sertifiseer dat hy geen rede het om te glo dat 'n verbod kragtens artikel ses te eniger tyd ten opsigte van die nuusblad nodig sal wees nie.”

Die doel van hierdie wysiging word duidelik uit die bepaling⁽²⁵⁾ wat daarvoor voorsiening maak dat, indien 'n verbod kragtens art. 6 van die hoofwet op

(18) By Wet 50 van 1951; 15 van 1954; 76 van 1962 en 97 van 1965.

(19) Wet 50 van 1951, art. 1.

(20) Ibid, art. 4 (b).

(21) Art. 8 (b).

(22) Art. 11 (e) bis.

(23) Art. 11 (g).

(24) Wet 76 van 1962.

(25) Ibid, art. 5 (4).

die blad toegepas word, enige bedrag wat ten opsigte van daardie blad gestort is, tesame met rente wat nie aan die eienaar betaal is nie, verbeurd verklaar kan word. Die betrokke artikel maak nogtans daarvoor voorsiening dat die Minister deel van die geld na goedgevonden aan die eienaar terug kan betaal. In 'n volgende subartikel⁽²⁶⁾ word bepaal op watter verdere gronde die registrasie van 'n nuusblad kan verval.

'n Algemene sensuurmaatreël is dit egter nie. Die bepaling in die nuwe art. 6 bis (1) kom duidelik daarop neer dat koerante en ander blaaië waarvan die oorsprong nie verdag is nie, soos voorheen geregistreer kan word. Dit het slegs die ekonomiese risiko by die registrasie van 'n blad wat kommunistiese verbintnisse het, so groot gemaak dat dit nie meer die moeite en koste geloon het om sulke blaaië te probeer uitgee nie.

Die strawwe vir die oortreding van die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme (soos gewysig) se beperkinge op die pers is swaar. Iemand wat 'n periodieke publikasie in stryd met art. 11 (d) druk, uitgee of versprei, kan gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens tien jaar opgelê word, terwyl 'n oortreding van art. 11 (g) met gevangenisstraf van tot drie jaar gestraf kan word.

Art. 11 (g) hou vir die werkende joernalis die verdere implikasie in dat hy die name van alle gelyste kommuniste of van mense wat ingevolge hierdie wet verbied word om vergaderings by te woon, moet ken. In die praktyk lê koerante en tydskrifte volledige lysse van sodanige mense aan en word die lysse sorgvuldig bygehou.

Twee nuusblaaië is reeds ingevolge hierdie wet onderdruk. Die bekende kommunistiese nuusblad Guardian is in Mei 1952 onderdruk en Advance, wat 'n blote voortsetting van die Guardian geag is, in Oktober 1954.⁽²⁷⁾

Geen geval het dusver bekend geword van weiering van registrasie van 'n nie-kommunistiese nuusblad nie.

Vir sover dit die georganiseerde ondermyning van die staatsveiligheid deur die geskrewe woord in die openbare pers betref, het die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme sy doel bereik. Ná die onderdrukking van die Guardian en Advance was dit vir die owerheid onnodig om op grond van kommunistiese propaganda teen enige persorgane in die land op te tree.

Geen werkende joernalis is tot end 1967 ingevolge die Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme in die Hooggeregshof aangekla nie. Verskeie ander sake het egter reeds in die howe geding. In die saak S. v. Carneson, 1967(4) S.A.

(26) Art. 5 (5).

(27) Vergelyk Blackwell and Bamford, p. 52.

301 (K) - aanklag ingevolge art. 5(1) (c) - het dit gegaan om die „bywoon” van ’n sosiale byeenkoms. In S. v. Naicker, 1967(4) S.A. 214 (N) het dit gegaan om die vasstelling van die betekenis van die woord „attend” in art. 9(1) (a).

Soos reeds aangetoon, is Wet 44 van 1950 ’n ongewilde maatreël: by anti-kommuniste omdat dit vryheid van pers en spraak drasties aan bande lê; by ultra-linkse groepe omdat dit kommunistiese bedrywighede en doelstellinge onwettig maak en by die pers as geheel omdat dit betreklik maklik tot onopsetlike oortredinge kan lei. Die hof is nogtans nie geneë om om enige van hierdie redes ’n sogemaand „liberale” vertolking aan die wet te heg nie. In die saak R. v. Sachs, 1953 (1) S.A. 392 (A) het hoofregter Centlivres hom bv. soos volg uitgelat oor die bewering dat die wet outokraties sou wees: „The mere fact that autocratic powers are conferred by the section (art. 9) on the Minister does not mean that the section is ambiguous.....It is clear that Parliament intended to confer autocratic powers upon the Minister and it is the duty of courts of law to give effect to the intention of Parliament”.⁽²⁸⁾

Met nog ’n aanhaling van hoofregter Centlivres in hierdie verband kan volstaan word⁽²⁹⁾: „Courts of law scrutinize with the greatest care statutes which give the Executive the power to invade the liberty of the individual, but where the statute under consideration in clear terms confers on the Executive autocratic powers over individuals, courts of law have no option but to give effect to the will of the Legislature as expressed in the statute. Where, however, the statute is reasonably capable of more than one meaning a court of law will give it the meaning which least interferes with the liberty of the individual.”

Oor die strekking van hierdie wet kan geen twyfel bestaan nie: dit was uit die staanspoor bedoel om wye magte aan die Minister van Justisie te verleen. Die tendens is duidelik: ’n opvallende verskerping van sensuur in belang van staatsveiligheid vir sover dit aanslae deur die kommunisme, binnenslands en buitenslands, betref.

(28) R. v. Sachs, 1953(1) S.A. 392 (A), p. 399.

(29) Ibid, p. 400.

III. Wet op Openbare Veiligheid (3 van 1953).

Hoewel die Minister van Justisie in sy tweedelesingstoespraak by die indiening van die Wet op die Onderdrukking van die Kommunisme laat blyk het dat hy daarvan bewus was dat die Kommunistiese Party ook in ander organisasies ingespyel en frontorganisasies gebruik het,⁽¹⁾ is nie een van hierdie organisasies in hierdie stadium in die ban gedoen of in sy optrede ingeperk nie. In weerwil van die onderdrukking van die Kommunistiese Party het sekere organisasies gevolglik in die vroeë vyftiger jare aktief met bedrywighede voortgegaan wat by verskeie geleenthede beroering in die land gebring het. Hierdie toestand het gelei tot die indiening van nog twee maatreëls wat in 'n mate ooreenstemming met die Wet op die Onderdrukking van Kommunisme vertoon het, naamlik die Wet op Openbare Veiligheid (3 van 1953) en die Strafrekwysigingswet (8 van 1953). Albei hierdie maatreëls is vir die pers van betekenis omdat sekere sensuurbe-palinge ingevoeg is of by implikasie in die wette opgesluit lê.

'n Aanhaling uit die Minister se toespraak van 1950 is hier ter sake:⁽²⁾ Min. Swart het verklaar: „Uit die dokumente wat verkry is uit die Kommunistiese hoofkwartier, het uitgekom dat daar binne die Johannesburgse Kommunistiese Party 'n militêre afdeling (military branch) is. Maar hierdie 'military branch' bestaan uit 'n geheime organisasie wat vir die ander lede geheim is.... Ek het hulle name hier. Daar is alleen vyf persone en heel toevallig is die eerste persoon wie se naam daarin voorkom, ook ter selfdertyd die sekretaris van die Springboklegioen.....”

Die Springboklegioen, in die laat oorlogsjare as organisasie vir oud-ge-diendes gestig, het volgens Vermaak⁽³⁾ gaandeweg in die hande oorgegaan van mense van wie sommige later om hul kommunistiese verbintenisse aangekeer is. Onder hulle was die deur die Minister genoemde P.J. (Jack) Hodgson, Petrus Bey-leveld en Lionel Bernstein.⁽⁴⁾ Een van die strydmetodes van hierdie organisasie was die reël van „protesvergaderings" e.d.m. Ná sy ontbinding in 1953 het baie van sy lede aangesluit by die (later verbode) Congress of Democrats.⁽⁵⁾

'n Tweede rumoerige organisasie het in hierdie tyd tot stand gekom. Dit was die Torch Commando, wat onmiddellik ná die aanname van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers⁽⁶⁾ gestig is. Ook hierdie organisasie het

(1) Hansard, Deel 73, kol. 9187.

(2) Ibid.

(3) Vermaak, C., The Red Trap, p. 26.

(4) Ibid.

(5) Ibid.

(6) Wet 46 van 1951.

sterk steun van 'n groot aantal oud-gediendes ontvang en die leier daarvan, Sailor Malan, was 'n bekende oorlogsheld. Ook hierdie organisasie het hom op die reël van indrukwekkende protesoptogte en protesvergaderings toegelê.

Tot hierdie twee bewegings is in hierdie tyd 'n derde toegevoeg: die sogenaamde versetbeweging, waarby ook bekende Kommuniste betrokke was, onder wie Moses Kotane en J.B. Marks. Dié beweging het op 26 Junie 1952 begin.⁽⁷⁾ Teen 1956 het die polisie gemeen dat hulle oor genoeg getuienis beskik om op die leiers van die versetbeweging toe te slaan, maar die hoogverraadsaak wat in 1956 begin en eers op 29 Maart 1961 ten einde geloop het, was vir die polisie 'n terugslag en vir die Kommuniste 'n oorwinning.⁽⁸⁾

In die hoogverraadsaak was daar in die geheel drie uitsprake. (a) In R. v. Adams and others, 1959 (1) S.A. 646 (Sp.Ct.) is namens die verdediging aansoek gedoen om die tersydestelling van die klagstaat, o.m. vanweë die feit dat die beskuldigdes (daar was 92) nie redelikerwys daaruit kon aflei waarvan hulle aangekla word nie. Die hof het beveel dat die staat verdere besonderhede moet verskaf. Die regters (regters Rumpff, Kennedy en Bekker) het in hul uitspraak nie na spraak- of persvryheid verwys nie, maar sterk klem gelê op die noodsaaklikheid dat faktore ter benadeling van die beskuldigdes nie vanweë 'n swak geformuleerde klagstaat moet bestaan nie (p. 670, 671).

(b) In R. v. Adams and others, 1959 (3) S.A. 753 (A) is appèl teen die beslissing van die Spesiale Hof aangeteken. Die staat het aangevoer dat in daardie stadium nie geappèlleer kan word nie en die staat se standpunt is gehandhaaf.

(c) Die uitspraak in R. v. Adams and others, 1961, is nie gerapporteer nie. In die argief van die Hooggeregshof in Pretoria word die nommer van die uitspraak aangedui as 725/1959-1961, maar hierdie argief verklaar dat die uitspraak in die argief by die Uniegebou is. Die argief van die Uniegebou verklaar egter dat hy nie oor die teks van die uitspraak beskik nie, waaruit afgelei moet word dat die uitspraak soos 'n groot speld verdwyn het. Die bevindinge in hierdie uitspraak kan dus nie ontleed word nie.

Dit is teen 'n agtergrond van oplaaierende spanninge en bedreiginge van openbare wetteloosheid dat die bepalinge van die Wet op Openbare Veiligheid uiteindelik gesien moet word.

Die wet maak voorsiening vir die proklamering van 'n noodtoestand deur die Goewerneur-generaal (Staatspresident) wanneer optrede of gedreigde optrede deur

(7) Vermaak, p. 85.

(8) Ibid, p. 78.

persone of 'n liggaam van so 'n aard en van so 'n omvang is dat die veiligheid van die publiek of die handhawing van die openbare orde daardeur ernstig bedreig word;⁽⁹⁾ of omstandighede ontstaan het wat die veiligheid van die publiek, of die handhawing van die openbare orde ernstig bedreig;⁽¹⁰⁾ en die gewone landswette onvoldoende is om die Regering in staat te stel om die veiligheid van die publiek te verseker of die openbare orde te handhaaf.

Vir die afkondiging van noodregulasies om voorsiening vir die veiligheid van die publiek te maak, of vir die handhawing van die openbare orde, of vir die beëindiging van so 'n noodtoestand, of om die omstandighede wat daartoe gelei het, uit die weg te ruim, word in art. 3(1) van die wet voorsiening gemaak. Betekenisvol is in die besonder die bewoording van art. 3(2), naamlik die sinsnede „sonder afbreuk te doen aan die algemeenheid van die bevoegdhede wat by hierdie artikel verleen word." Dié maatreël dus kan nie anders vertolk word nie as die verlening van feitlik absolute mag aan die owerheid vir die verrigting van enige handeling, in die geval van die pers bv. die instelling van sensuur of die algehele opskorting van publikasiereg in die land as geheel of 'n deel daarvan. Die draagwydte van hierdie wetgewing met betrekking tot die pers as sodanig is nog nooit in die hof getoets nie, maar in die saak R. v. Maphumulo and Others⁽¹¹⁾ het regter Milne se uitspraak in hierdie verband gelui: „It appears to me to be correct to say.....that it was the intention of the Legislature to provide in respect of an area in which a state of emergency has been declared that the Governor-General (Staatspresident) has complete discretion to make regulations having the force of law as effectively as could Parliament itself, subject only to the exceptions set out in sect. 3(3) of the Act," waaronder die wysiging van militêre diensplig, die oplegging van 'n boete hoër as vyfhonderd pond (R1000) en die kwalifikasies, benoeming, verkiesing of dienstyf van die lede van die Senaat of die Volksraad.⁽¹²⁾

(9) Wet 3 van 1953, art. 2(1) (a).

(10) Ibid, art. 2(1) (b).

(11) 1960 (3) S.A. 793 (N), op p. 798.

(12) Vergelyk Blackwell en Bamford, p. 53; en Strauss, Strydom en Van der Walt, p. 95, 96.

IV. Strafregwysigingswet (8 van 1953)

Die Strafregwysigingswet, wat volgens sy lang titel aangeneem is om onder meer swaarder strawwe op te lê vir misdrywe onder sekere omstandighede gepleeg, en om die „aanbod of aanname van geldelike of ander steun vir enige georganiseerde verset teen die wette van die Unie te verbied.....” verwys nêrens na die pers as sodanig nie, maar bevat tog enkele artikels wat op die pers van toepassing gemaak kan word.

Swaar strawwe⁽¹⁾ word voorgeskryf vir iemand wat op enige wyse hoegenaamd 'n ander persoon of persone in die algemeen adviseer, aanmoedig, aanhits, beveel, bystaan of oorhaal⁽²⁾ of enige woorde besig of enige handeling verrig of enigiets doen om enigiemand of persone in die algemeen te beweeg om 'n misdryf te pleeg by wyse van protes teen 'n wet, of ter ondersteuning van 'n veldtog vir die herroeping of wysiging van 'n wet, of die verandering of beperking van die toepassing of uitvoering van 'n wet.⁽³⁾

Uit die samehang is dit duidelik dat opswepende kritiek aangaande 'n wet of die toepassing daarvan wat as „aanhitsing” bestempel kan word, tot 'n aanklag kan lei.

Belangrik is ook die bepaling⁽⁴⁾ dat iemand wat ingevolge art. 2 skuldig bevind word, uit die Unie (Republiek) of Suidwes-Afrika verwyder kan word, terwyl die Minister ook gemagtig word om iemand te verbied om 'n bepaalde gebied binne te gaan.⁽⁵⁾

Geen saak het dusver gedien waarin 'n persorgaan of joernalis ingevolge hierdie wet aangekla is nie, maar 'n reeks sake weens beweerde oortreding van art. 2 is reeds teen individue aanhangig gemaak, by sommige waarvan ook gemeenregtelike aanhitsing ter sprake gekom het, o.m. R. v. Sesidi and others, 1953(4) S.A. 634 (G) en R. v. Ntshangela en andere, 1961 (4) S.A. 592 (A).

In die saak S. v. Peake, 1962 (4) S.A. 288 (K) is beslis dat dit, by oortreding van art. 2(a), saamgelees met art. 4, nie vir die staat nodig is om te bewys dat enige lid van 'n gehoor in staat is om die misdaad te pleeg waartoe aangehits word nie.

Ander sake waarin aanhitsing ter ondermyning van die staatsveiligheid ingevolge hierdie wet beweer is, is die volgende: R. v. Moilwanyana and others

(1) Art. 2(i), (ii), (iii) e.v.

(2) Ibid, Art. 2 (a).

(3) Art. 2 (b).

(4) Art. 8.

(5) Art. 9.

(2), 1957 (4) S.A. 302 (T); (3), 1957 (4) S.A. 608 (T); R. v. Mpekwa and others, 1958 (1) S.A. 10 (T); R. v. Molorane, 1960 (4) S.A. 353 (O). Uit die getuienis in hierdie saak het geblyk dat die aangehitste persoon onbekwaam was om die misdaad te pleeg.

Tot aansienlike hoogte kom dit voor asof hierdie wette in belang van die staatsveiligheid mekaar oorvleuel en aanvul. Dit kom voor of die wetgewer telkens wanneer nuwe omstandighede ontstaan het wat hy as bedreiging vir die staatsveiligheid beskou het, bykomende wetgewende maatreëls getref het om daardie bedreiging te bestry. Blykbaar het spanningstoestande mekaar in hierdie tyd so vinnig opgevolg dat daar geen tyd vir rustige konsoliderende wetgewing was nie.

Die bykomende magte wat Wet 3 en Wet 8 van 1953 met betrekking tot 'n werklike of potensiële noodtoestand aan die staat verleen, ook met betrekking tot optrede teen die pers, moet gesien word as 'n beduidende toevoeging tot die staat se arsenaal ter handhawing van die staatsveiligheid.

V. Die Strafproseswet (Wet 56 van 1955)

Die Strafproseswet is in wese 'n konsoliderende maatreël. Daarin is 'n groot aantal wysiginge saamgevat van die oorspronklike Wet op Kriminele Prosedure en Bewyslewering (31 van 1917). Die oorspronklike wet is in die loop van die jare so dikwels gewysig dat, toe die Minister van Justisie (destyds mnr. C.R. Swart) nog 'n aantal wysiginge op 21 Februarie 1955 in die Volksraad voorgestel het, hy onderneem het om nog voor die einde van die 1955-sitting 'n konsoliderende maatreël in te dien.

Die Wysigingswetsontwerp op Kriminele Prosedure en Bewyslewering (dit is uiteindelik as Wet 29 van 1955 aangeneem) was bedoel om Wet 31 van 1917 in verskeie opsigte te wysig. Van hierdie wysiginge was, vir sover dit die vraagstuk van staatsveiligheid betref, die uitbreiding van die magte van die Suid-Afrikaanse polisie die belangrikste.⁽¹⁾ Onmiddellik ná die aanname van hierdie wet is dit tesame met Wet 31 van 1917 en alle wysiginge daarvan na 'n Gekose Komitee van die Parlement verwys met die opdrag om die deur die Minister beloofde konsoliderende wetgewing voor te berei. Die Gekose Komitee het sy werk voor die einde van die sitting voltooi en die gekonsolideerde Strafproseswet is voor die afsluiting van die sitting as maatreël sonder voorgestelde wysiginge van die destyds bestaande wetgewing sonder bespreking deur die Parlement goedgekeur,⁽²⁾ wat as aanduiding dien dat die konsoliderende wet geen nuwe beginsels of bepalinge wat as omstrede beskou kan word, bevat nie.

Hierdie lywige wet bevat 'n groot aantal artikels wat regstreeks op koe-rante en ander persorgane as regs persone en op joernaliste as sodanig betrekking het. Algemene bepalinge met betrekking tot toegang tot persele,⁽³⁾ visen-tering,⁽⁴⁾ beslaglegging op boeke of dokumente,⁽⁵⁾ die publikasie van ~~en~~ gods-lasterlike, opruiende, onbetaamlike of lasterlike geskrifte,⁽⁶⁾ die aflegging van getuienis,⁽⁷⁾ om maar enkele voorbeelde te noem, geld die pers ewe regstreeks as die gewone burger.

Daar is egter ook in die besonder maatreëls wat regstreeks vir die pers

(1) Hansard, Deel 87, kol. 1504, 1505.

(2) Hansard, kol. 8021-8023.

(3) Art. 35.

(4) Artt. 42 en 43.

(5) Art. 47 (1).

(6) Art. 178.

(7) Artt. 228 tot 234.

en radio bedoel is. Die wet bepaal bv. ten opsigte van hofberiggewing⁽⁸⁾ dat, wanneer 'n voorlopige ondersoek gehou word ten opsigte van 'n aanklag dat die beskuldigde 'n onsedelike handeling teenoor iemand anders gepleeg het, of gepoog het om dit te pleeg, of dat die beskuldigde afpersing gepleeg of gepoog het om afpersing te pleeg, of van iemand 'n voordeel geëis het wat die beskuldigde nie toekom nie, en die inboeseming van vrees by so 'n persoon wat hom gedwing het om die voordeel af te staan, mag niemand te eniger tyd deur middel van die radio of in enige stuk enige inligting met betrekking tot die voorlopige ondersoek of enige inligting wat tydens die voorlopige ondersoek aan die lig kom, publiseer nie, tensy die magistratuur (landdros) wat die voorlopige ondersoek hou, ná raadpleging met die persoon teen wie die misdryf na bewering gepleeg is (of, as hy minderjarig is, sy voog) skriftelik tot sodanige publikasie instem. Hierdie maatreël geld ook die eintlike verhoor⁽⁹⁾ van sake wat ingevolge art. 64 van die wet aanhangig gemaak word. Publikasie oor die radio of in koerante word verbied tensy die regter of amptenaar wat by die verhoor voorsit, ná raadpleging met die persoon of t.o.v. wie die ten laste gelegde misdryf na bewering gepleeg is (of sy voog indien hy minderjarig is) deur middel van 'n dokument deur hom of deur die griffier of klerk van die hof onderteken, tot sodanige publikasie toegestem het.

Verskeie aanklagte het reeds ingevolge die bepalinge van hierdie wet in die hof geding. By twee van hierdie sake was persorgane betrokke. In die saak Divisional Commissioner of S.A. Police, Witwatersrand Area, and others v. S.A. Associated Newspapers, Ltd. and another, 1966 (2) S.A. 503 (A) het dit ingevolge art. 42 gegaan om die lasbriewe wat deur die polisie gebruik is by die beslaglegging op sekere dokumente wat inligting sou bevat het oor toestande in tronke.

In die saak S. v. Carneson, 1962(3) S.A. 437 (T) het dit gegaan om die vraag of 'n getuie mag weier om die naam van 'n skrywer van 'n artikel in New Age te verstrek, aangesien dit hom kon inkrimineer. Dié verweer is op appèl verwerp en die Appèlhof het die benadering in S. v. Poggrund, 1961(3) S.A. 868 (T) onderskryf. In hierdie saak het dit gegaan oor die feit dat die gedaagde geweier het om getuie te lewer. Sy argumente is verwerp.

Die bepalinge van art. 64 in verband met die publikasie van die name van beskuldigdes in sake waarby onbetaamlikheid beweer word (dit kom in hoë mate ooreen met art. 19 van die Ontugwet van 1957) is nog nie in die Hooggeregshof

(8) Art. 64(5). N.B.

(9) Art. 386.

getoets nie, hoewel 'n regter van die Vrystaatse Afdeling van die Hooggeregshof op 15 Januarie 1967 gelas het dat 'n berig waarin die name van sekere persone wat by 'n saak in verband met onbetaamlikheid betrokke sou gewees het, uit Die Beeld weggelaat word.

Hierdie saak is nie verder gevoer nie omdat 'n landdros op 24 Februarie toestemming verleen het dat die name van vier van die betrokkenes wel gepubliseer mog word. Daar is gevolglik geen hofbeslissing oor hierdie aangeleentheid nie, maar die N.P.U. het wel na aanleiding van hierdie saak 'n regsmening verkry wat as leidraad vir die pers kan dien.

In hierdie regsmening van adv. S. Kentridge, gedateer 11 April 1967, is die gevolgtrekkings soos volg:

- „(a) In cases where the charge relates to indecent acts or extortion the press may not publish any information concerning the trial, including the names of accused persons, complainants or witnesses, without the special leave of the judge or magistrate.
- „(b) In cases concerning children under the age of eighteen, whether as accused persons or witnesses, no publication may be made of their names, or any information which may lead to the discovery of their names, without the special leave of the Minister of Justice, the judge or the magistrate.
- „(c) In any other cases both the Supreme Court and the Magistrate's Courts may order the proceedings to be held in camera; but only the Supreme Court may direct that no report of the proceedings be published".

Professionele Privilegie

Van heelwat meer onmiddellike betekenis (en ergernis) vir joernaliste is die bepaling van die Strafproseswet ingevolge waarvan joernaliste gedwing kan word om bronne van inligting openbaar te maak.⁽¹⁰⁾ Dit is 'n ou bepaling en art. 83 (1) en (2) stem wesenlik ooreen met art. 96 (1) en (2) (soos gewysig by art. 15 (b) van Wet 39 van 1926) van Wet 31 van 1917. Vir dienende persmense is dit een van die ongewildste maatreëls met betrekking tot die pers, soos 'n bietjie later in hierdie hoofstuk aangetoon sal word.

Die betrokke artikel bepaal:

„(1) 'n Magistraat (landdros) kan te eniger tyd op versoek van die plaaslike staatsaanklaer enige persoon wat waarskynlik ter sake dienende getuie is oor 'n beweerde misdryf kan aflê, hetsy dit bekend is of vermoed word wie die persoon is deur wie die misdryf gepleeg is, aansê om voor hom te verskyn.

(10) Art. 83.

„(2) Die bepalings van artikels 206, 207, 209, 222, 212 en 219⁽¹¹⁾ is van toepassing ten opsigte van persone wat ingevolge hierdie artikel aangesê word om te verskyn en getuienis af te lê, met dien verstande dat die ondervraging van sulke persone in afsondering kan geskied op enige plek deur die magistraat vir daardie doel aangewys.“⁽¹²⁾

Artikel 212 lui soos volg:

„(1) Wanneer iemand wat òf ter nakoming van 'n subpeona òf uit hoofde van 'n lasbrief verskyn, of wat aanwesig is en mondeling deur die hof aangesê word om in 'n strafszaak getuienis af te lê, weier om ingesweer te word, of nadat hy ingesweer is, weier om op die vrae aan hom gestel te antwoord, of weier of versuim om 'n dokument of voorwerp waarvan die voorlegging deur hom vereis word, voor te lê sonder 'n voldoende verskoning vir sodanige weiering of versuim, kan die hof die saak vir 'n tydperk van hoogstens agt dae verdaag en intussen die persoon wat aldus weier of versuim, by lasbrief na 'n tronk verwys tensy hy eerder toestem om te doen wat van hom vereis word.

„(2) Indien 'n in subartikel (1) bedoelde persoon by die hervatte verhoor van die saak weer weier om te doen wat van hom vereis word, kan die hof die saak weer verdaag en hom vir dieselfde tydperk verwys en aldus weer van tyd tot tyd totdat so iemand toestem om te doen wat van hom vereis word“.

In hierdie verband dien daarop gelet te word dat die enigste mense wat van hierdie verpligting uitgesluit is, advokate, prokureurs en wetsagente is.⁽¹³⁾ Selvs nie predikante en geneeshere is van hierdie vereiste van die wet vrygestel nie, maar die hof se vertolking van die wet wanneer bv. 'n priester (van die Rooms-Katolieke Kerk) wat 'n bieë aangehoor het, gedaag word om getuienis oor 'n vermeende misdaad af te lê, is nog nooit getoets nie. Nêrens in die wet word egter afgesien van die ou regsbeginsel dat niemand opgevorder kan word om getuienis af te lê waardeur hy homself inkrimineer of sy karakter benadeel nie.

(11) Art. 206 handel oor die prosesstukke ter verkryging van die aanwesigheid van getuies, art. 207 oor die bestelling van subpoenas, art. 209 oor die verpligtinge van 'n getuie, art. 211 oor inhegtenisneming en straf weens weiering om 'n subpoena na te kom en aanwesig te wees, art. 212 oor die bevoegdhede van die hof by so 'n versuim en art. 219 oor die vergoeding al dan nie van getuies.

(12) Vergelyk die geval J.J. van Rooyen, Die Transvaler, 5 Mei 1967, p. 1, Die Burger, 5 Mei 1967, p. 11, The Star, 5 Mei 1967, p. 9.

(13) Art. 232.

Vir sover dit die pers betref, bestaan daar geen professionele privilegie nie en word die sogenaamde etiese reëls van joernaliste in hierdie verband nie deur die hof erken nie. In sy S.A. Law of Evidence (p. 259) voer Hoffmann aan dat professionele privilegie slegs regspraktisyns geld, soos in art. 232 bepaal word. Selfs 'n geneesheer kan hom nie op privilegie beroep ten aansien van stellings of verklarings van sy pasiënt nie. Vir die joernalis bestaan die reg tot weiering om die bronne van sy inligting bekend te maak, glad nie. In die saak S. v. Poggrund 1961 (3) S.A. 868 (T) het regter Hill bevind (op p. 817): „The excuse raised on behalf of the appellant is that he was obliged by professional ethics to refrain from divulging the name of the person from whom he had obtained the document. Such principles.....confer no privilege in law on any journalist”.

Hierdie maatreël is, vir sover vasgestel kan word, in 1917 vir die eerste keer deur die Unie-parlement aangeneem om vir stappe teen moontlike getuies voorsiening te maak⁽¹⁴⁾ en 'n reeks joernaliste was die afgelope dertig jaar by sodanige ondersoeke betrokke, in byna alle gevalle op grond van die vermoede dat een of ander amptenaar inligting vir publikasie laat uitlek het wat vir die land of deel van die publiek skadelik kan wees. Onder die bekendste van die vroeëre ondersoeke was dié waarby George Heard, parlementêre verteenwoordiger van 'n Johannesburgse koerant, in 1937 verskyn het.⁽¹⁵⁾ Heard se voorspelling oor die begrotingsrede was so naby die kol dat die destydse Minister van Finansies, mnr. N.C. Havenga, vermoed het dat Heard inligting van een of ander amptenaar ontvang het. Hy is opgevorder om getuienis af te lê, maar het geweier en is vir drie agtereenvolgende tydperke van 'n week tronk toe gestuur. Omdat hy volstrek geweier het om te praat, is die ondersoek daarop laat vaar.⁽¹⁶⁾

Ander joernaliste teen wie in die afgelope jare opgetree is, was Brian Parkes vanweë 'n artikel oor 'n weddenskap in verband met republiekwording;⁽¹⁷⁾ Patrick Duncan vanweë 'n artikel oor die herlewing van die kommunisme in Suid-Afrika⁽¹⁸⁾ en Fred Carneson vanweë die publikasie van 'n artikel deur iemand wat vermoedelik aan 'n verbode organisasie behoort het. Parkes en Duncan het geweier om hul inligtingsbronne te openbaar en Carneson om die naam van die skrywer openbaar te maak. Parkes en Duncan is uit die tronk ontslaan nadat die gevraag=

(14) Art. 96 van Wet 31 van 1917.

(15) 1937 C.P.D. 401. Vergelyk Sunday Times 8 Aug. 1965.

(16) Vergelyk Blackwell & Bamford, p. 4.

(17) Ibid, p. 5.

(18) Ibid.

de inligting die staat langs ander weë bereik het.⁽¹⁹⁾

In die eerste helfte van 1967 het 'n reeks sodanige ondersoeke voorgekom. Die eerste geval was dié van J.J. van Rooyen, medehoofredakteur van Die Transvaler, en wel vanweë 'n berig in hierdie blad in verband met 'n bewering dat drie blanke mans in 'n motor verantwoordelik was vir twee noodlottige ongelukke. Die polisie het vermoed dat 'n polisiebeampte vertroulike inligting in verband met die rigting waarin die mense gevlug het, aan die blad openbaar gemaak het.⁽²⁰⁾ Van Rooyen is een keer agter geslote deure in die kantoor van 'n landdros in Pretoria ondervra, waarna die ondersoek laat vaar is.⁽²¹⁾

In Mei 1967 is twee Johannesburgse joernaliste tronk toe gestuur omdat hulle geweier het om inligtingsbronne in verband met 'n Joods-Duitse geveg by 'n Johannesburgse biersaal openbaar te maak. Hulle was B.W.D. Hitchcock, redaksielid van die Sunday Times,⁽²²⁾ en Desmond Blow, adjunk-nuusredakteur van die Sunday Express, wat op Vrydag, 16 Junie, tronk toe gestuur is, maar die Maandag daarna hangende 'n appèl losgelaat is.⁽²³⁾ Keith Wallace, ook van die Sunday Express, is op 24 Mei ondervra.⁽²⁴⁾

Die vyfde geval binne die bestek van twee maande was dié van Johan Meiring, Oos-Kaaplandse verteenwoordiger van Dagbreek en Sondagnuus. Hy is op 12 Junie ondervra oor 'n berig wat hy in verband met die beweerde ligging van die verongelukte vliegtuig die Rietbok op die seebodem geskryf het.⁽²⁵⁾

Hierdie reeks ondersoekte het die Suid-Afrikaanse Joernalistevereniging erg ontstem, en wel in dié mate dat mnr. Miles Brokensha, die president, in 'n verklaring beweer het dat „the attitude of the police towards journalists in the exercise of their normal and legitimate duties is approaching one of intimidation”.⁽²⁶⁾

Die beginsels wat die standpunte van die staat en van die pers in hierdie verband ten grondslag lê, is uitvoerig in kommentaar- en hoofartikels, berigte

(19) Ibid, p. 5, 6.

(20) Die Beeld, 2 April 1967, p. 7.

(21) Die Burger, 5 Mei 1967, p. 11.

(22) The Rand Daily Mail, 7/6/67, p. 1 en The Star, 7/6/67, p. 3.

(23) Rand Daily Mail 22/6/67.

(24) Vergelyk The Cape Times, 17/6/67, p. 3.

(25) Vergelyk Rand Daily Mail, 13/6/67, p. 1, en The Star, 13/6/67, p. 3.

(26) Vergelyk volledige teks van die Brokensha-verklaring in The Cape Times, 17/6/67, p. 3.

en verklaringe in die Suid-Afrikaanse pers bespreek. The Star het bv. twee hoofartikels daaroor geskryf, op 5 Mei en 19 Mei 1967, waarin die oopwegend liberale standpunt gestel is. In die artikel van 5 Mei skryf die blad o.m. : „Newspapers have a dual duty in the exercise of their legitimate function: to give the public all the facts to which they are entitled as citizens of a free society and, at the same time, to protect those who provide them with the facts and who may not, for good reasons, want their identity revealed.

„Authority is never anxious to have the spotlight thrown on what it is doing or not doing unless, of course, the result is flattering. Such informants, who are also serving the public, must obviously be protected if they so desire.

„It is axiomatic, of course, that newspapers must act responsibly and not endanger national security or harm the public good.....There is unfortunately a growing tendency in South Africa towards official secrecy, towards withholding facts from the Press, that is from the public, for the Press is nothing but the public.”

Die artikel van 19 Mei lui o.m.: „One of the main functions of a newspaper is to inform the public on matters that concern them and the public welfare generally. These may include scandals in high places or abuses of power. It often gets its information from persons who are the victims of these abuses or who, for other reasons, fear victimization or persecution if their identity is disclosed.

„Where then does the public good lie? Once it becomes clear that the anonymity of such informants will not be protected - that newspapers, under duress or of their own volition, will tell - disclosures will no longer be made. The public will remain in ignorance of things they urgently need to know.

„That is why newspapermen sometimes go to jail rather than tell, not because the Press claims any special immunity from the law.

„The police, on the other hand, have an equal duty to detect crime, and it is the duty of the citizen, and of the newspapers, to help them. This is where the conflict lies. The president of the Journalists' Society yesterday made it clear that in cases of grave crime or security the duty to assist the State must prevail. The journalistic ethic is, therefore, not an absolute one, but rests on a balance of public good.

„The courts have not yet recognized that any such balance is involved, and journalists are left to maintain it alone, sometimes at the cost of their own liberty.”

„n Ander joernalismening is juis in hierdie tyd deur 'n veteraan, mnr. T.C.

Robertson, uitgespreek.⁽²⁷⁾ Koerantberigte waarin die nuusbron verswyg word - en veral dié waar die nuusbron uit die duim gesuig is - is die grootste ewel in die joernalistiek vandag, het mnr. Robertson gesê. „Die naamlose onderhoud (is) een van die goggas wat uitgeroei sal moet word as die koerantman die verhoogde status wil bereik wat sy beroep regverdig.

„As 'n berig die moeite werd is om geskryf te word, moet die segsman oor wie die berig geskryf word, bereid wees om sy naam aan die berig te koppel. As hy verkies om nie sy naam genoem te hê nie, het hy òf 'n grief teen iemand of iets, òf hy dink hy kan daaruit munt slaan.

„Redakteurs in Suid-Afrika verloor so stadigaan hulle houvas oor die koerant. Dit is nie 'n gesonde toestand nie.....Dit is nie goed as die direksie al die mag het nie.

„Die joernalis wat die belangrikste werk verrig in 'n demokratiese samelewing, het vandag ongelukkig die werktuig geword van sakemanne met geen ander doel voor oë nie as die sirkulasiesyfer van die koerant. Tot hierdie doel word die koerantman se intelligensie en talente geëksploiteer.”

'n Derde mening is dié van Die Beeld se redakteur, mnr. Schalk Pienaar, na aanleiding van die geval Van Rooyen.⁽²⁸⁾ Mnr. Pienaar skryf onder meer: „Die rede (vir die optrede teen mnr Van Rooyen) is geen geheim nie. Die polisie het geglo dat dit 'n polisie-amptenaar is wat die inligting verstrek het en hulle wou vasstel wie dit was. Vermoedelik wou hulle dan, wanneer hulle weet wie dit is en as sou blyk dat hy 'n polisieman is, dissiplinêr teen hom optree, omdat hulle beskou dat hy uit sy beurt gepraat het.

„Dit kon gedoen word omdat die wetsbepalinge so wyd is dat dit blykbaar tegnies moontlik is om so op te tree.

„En hiermee kom 'n baie belangrike beginsel op die spel. Met die oog op die landsveiligheid is baie wye magte aan die polisie toegeken. Daar is bepalinge wat eintlik angswekkend wyd is, maar wat deur die Parlement en die publiek aanvaar is in die besef dat 'n angswekkende situasie die hoof gebied moet word. Dit is baie belangrik dat die suspisie nie moet ontstaan dat polisie-amptenare voor die versoeking swig om te baljaar met die magte waaroor hulle beskik nie.....

(27) Die Vaderland, 26/5/67, p. 3.

(28) Die Beeld, 7/5/67, p. 10.

„Daar is ook geen rede om te glo dat daar in die algemeen 'n baldadige gees by die polisie vaardig is nie. Inteendeel, hulle kom veeleisende pligte met toegewydheid en verantwoordelikheid na. Maar wanneer 'n voorval soos hierdie plaasvind - veral as daarby betrokke is 'n koerantredakteur wat in die besondere sin verteenwoordiger van die publiek is - dan is dit tog nodig dat besin word oor die gebruik van polisiemagte.”

In die slotgevolgtrekkings van hierdie werk sal gepoog word om prinsipiële standpunte oor hierdie botsing tussen joernalistieke „etik” en gehoorsaamheid aan die wet te stel.

Die tendens skyn egter taamlik duidelik te wees: die polisie het die afgelope tyd nie baie geduld aan die dag gelê wanneer hulle vermoed het dat joernaliste inligting verkry het wat nie vir die groot publiek bedoel was of toeganklik moes gewees het nie. Die afleiding dat die polisiehoofde dit by hul ondergeskikte tuis wou bring dat, in die lig van die huidige situasie in Afrika en in die wêreld, meer versigtigheid as ooit betrag behoort te word, skyn geregverdig te wees.

af: desbetreffende

VI. Wet op Amptelike Geheime (16 van 1956)

Tot 1956 het die Unie van Suid-Afrika vir sover dit die beskerming van staatsgeheime betref, die ter sake ^{aanvende} bepalinge van die Britse Official Secrets Act (1911) toegepas, behalwe waar die beskerming van geheime deel uitgemaak het van wette wat sedert 1911 aangeneem is, bv. die Verdedigingswet van 1912, artt. 91 en 92.

Op 13 Februarie 1956 het die Minister van Justisie, mnr. C.R. Swart, egter 'n wetsontwerp op amptelike geheime in die Volksraad ingedien en in sy motivering by die tweede lesing ⁽¹⁾ verklaar dat die Britse wet vir die gewone Suid-Afrikaanse burger ontoeganklik is; dat die Britse wet eentalig Engels is; en dat dit 'n anachronisme geword het dat 'n soewerein onafhanklike land ten opsigte van sulke belangrike wetgewing op 'n wet van 'n vreemde moondheid moet bly steun. Mnr. Swart het voorts verklaar dat die wetsontwerp „ver-Suid-Afrikaans en in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse toestande en regsinstellings gebring is.“⁽²⁾

'n Belangrike opsig waarin die Suid-Afrikaanse wet van die Britse wet verskil, is dat daar 'n verpligting op enige lid van die publiek - dus ook op joernaliste - rus om die aanwesigheid van 'n vreemde agent by die polisie aan te meld.⁽³⁾ Die Suid-Afrikaanse wetgewing verskil ook in dié opsig van die Britse dat geen minimum-strawwe voorgeskryf word nie, maar wel 'n maksimum-straf van vyftien jaar.⁽⁴⁾

Die Opposisie het die maatreël gesteun, hoewel sy hoofspreker, dr. D.L. Smit, opgemerk het dat die strawwe weens spioenasie, die verskaffing van ongemagtigde inligting en die pleeg van sekere ander daade wat vir die veiligheid van die land nadelig kan wees, strenger is as dié „waarvoor voorsiening gemaak word in die ooreenstemmende bepalinge van die Britse Ryk. Maar ons dink dat, met die oog op die erns van die oortredings, dit gepaste strawwe is waarvoor in die wetsontwerp voorsiening gemaak word.“⁽⁵⁾

Hierdie opmerking van dr. Smit beklemtoon al dadelik dat hierdie wet as 't ware saamgelees moet word met die ander wetgewing in belang van die staatsveiligheid wat sedert 1950 aangeneem is.

Hoewel in die wet nie uitdruklik na die pers verwys word nie en die wet

(1) Hansard, Deel 90, kol. 1523.

(2) Ibid.

(3) Ibid, kol. 1524.

(4) Ibid.

(5) Ibid, kol. 1525.

klaarblyklik teen spioenasie in die gewone sin van die woord gemik is, moet die pers baie deeglik met die bepalinge van hierdie wet rekening hou. ^{die}Belang-
rikste vir die pers in hierdie wet is artikel 2 wat soos volg lui:

„Iemand wat met 'n doel wat tot nadeel van die veiligheid of belange van die Unie strek -

„(a) 'n Verbode plek nader, ondersoek, daarvoor gaan of in die omgewing daarvan is of dit binnegaan; of

„(b) 'n skets, plan, model of aantekening maak wat waarskynlik direk of indirek vir 'n vyand van nut sal wees; of

„(c) 'n geheime amptelike kode of wagwoord, of 'n skets, plan, model, voorwerp of aantekening of ander dokument of inligting wat waarskynlik direk of indirek vir 'n vyand van nut sal wees, verkry, versamel, op-teken of publiseer of aan iemand openbaar, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding met gevangenisstraf van hoogstens vyftien jaar strafbaar.”

Hoe verreikend die maatreël is en hoe maklik dit ook sonder opset oortree kan word, blyk uit die woordbepaling. In art. 1 (v) word „skets” bv. omskryf as „ook 'n fotografiese of ander voorstelling van 'n plek of voorwerp.”

„Verbode plek” word in art. 1 (vii) omskryf as

„(a) verdedigingswerke wat aan die Regering behoort of deur of namens die Regering beset of gebruik word, met inbegrip van

„(i) 'n magasyn, vloot-, militêre of lugmaginrigting of -stasie, fabriek, skeepswerf, kamp, skip, vaartuig of vliegtuig;

„(ii) 'n telegraaf-, telefoon-, radio- of seinstasie of -kantoor; en

„(iii) 'n plek wat gebruik word om krygstuig of 'n skets, plan, model of dokument wat daarmee in verband staan, te bou, herstel, maak of hou of om metaal, olie of minerale wat in oorlogstyd van nut is te verkry;

„(b) 'n plek waar krygstuig of 'n skets, plan, model of dokument wat daarmee in verband staan, ingevolge 'n kontrak met of namens die Regering of die regering van 'n ander land as die Unie, gebou, herstel, gemaak, gehou of verkry word;

„(c) 'n plek deur die Goewerneur-generaal by proklamasie in die Staatskoerant vir die doeleindes van hierdie wet tot 'n verbode plek verklaar.”

Belangrik is ook art. 1 (2), wat lui:

„In hierdie wet, tensy uit die samehang anders blyk -

„(a) is 'n verwysing na openbaarmaking of ontvangs van enigiets ook 'n ver-

wysing na die openbaarmaking of ontvangs van 'n deel of die inhoud, uitwerking of beskrywing daarvan;

„(b) is 'n verwysing na verkryging of terughou van enigiets ook 'n verwysing na die verkryging of terughou van 'n deel of kopieer of laat kopieer van die geheel of 'n deel daarvan, hetsy deur fotografie of andersins; en

„(c) is 'n verwysing na openbaarmaking van enigiets ook 'n verwysing na die oorsending of oordrag daarvan.”

Artt. 1 en 2 van die wet lê dus die bewegingsvryheid van verslaggewers in die gebruikelike soek na inligting vir berigte op klaarblyklik 'n groot aantal plekke in die land aan bande, terwyl die omskrywing van wat onder openbaarmaking verstaan word, dit duidelik stel dat die onversigtige mededeling van 'n oënskynlik onskuldige brokkie inligting wel beskou kan word as die uitlap van 'n belangrike geheim. In die algemeen kan aanvaar word dat nie baie verslaggewers al die plekke ken wat in die Staatskoerant as „verbode plekke” geproklameer is nie.

Geen gerapporteerde hofbeslissing kon na aanleiding van hierdie wet opgespoor word nie, ook nie oor die vraag watter betekenis die howe aan die uitdrukking „verbode plek” heg nie. Vir sover vasgestel kan word, is slegs twee sake sedert die aanname van die wet ingevolge daarvan aanhangig gemaak. Op 29 September 1965 het Mandel Brown, 'n 24-jarige blanke, en George Meissenheimer, 'n 18-jarige Kleurling, mediese student aan die Universiteit Kaapstad, in die Kaapstadse landdroshof verskyn op aanklag dat hulle art. 3 (2) (a) van die wet oortree het. Hierdie artikel het betrekking op die bekendmaking van inligting met betrekking tot krygstuig, polisie- en militêre aangeleenthede.⁽⁶⁾ In hoe 'n ernstige lig die landdros hierdie saak gesien het, blyk o.m. daaruit dat hy na die getuienis van kapt. D.K. Genis borgtog aan Meissenheimer geweier het en dié van Brown op R500 gestel het. Die koerantverslae oor die saak is egter ontoereikend om tot betroubare juridiese gevolgtrekkinge te geraak.

Die tweede saak - waarin beweer is dat Hans Humpelstetter, 'n Oostenrykse immigrant, art. 2 (b) van die wet oortree het deurdat hy foto's van militêre installasies by Simonstad vir 'n Amerikaanse tydskrif sou geneem het - het op 6, 7 en 8 September 1967 voor regter J.W. van Zyl in die Kaapse Hooggeregshof gedien. Ook hierdie saak is nie gerapporteer nie, maar volgens koerantverslae

(6) Die Burger, 30 September 1965.

is Humpelstetter tot tronkstraf gevonniss, opgeskort op voorwaarde dat hy die land verlaat. Hoe ernstig die hof sekere getuienis beskou het, blyk daaruit dat regter Van Zyl op 6 September gelas het dat kmdr. R.A. Edwards, stafoffisier veiligheid, se getuienis in camera aangehoor word.⁽⁷⁾

Ingrypend soos die bepalinge van hierdie wet is, het die Parlement in 1967 nogtans geoordeel dat nog strengere voorsiening vir die beskerming van staatsgeheime gemaak moet word. Hierdie strengere maatreëls maak deel van die nuwe Verdedigingswet uit, Wet 85 van 1967, wat later in hierdie hoofstuk bespreek sal word.

(7) Koerantverslae in verband met hierdie saak verskyn o.m. in Die Burger en Die Transvaler van 7, 8 en 9 September 1967.

VII. Die Wet op Gevangenis (8 van 1959)

Die heel eerste stukkie wetgewing van die Unie-parlement wat as beperkend op persvryheid beskou kan word, was vervat in die Wet op Gevangenis en Verbetergestichten (13 van 1911). Art. 88 (i) (u) van hierdie wet het voorsiening gemaak vir die „verhinderings dat beampten of besoekers of andere persone, die toegang tot een bandietentronk of ander tronk hebben, inlichtingen geven omtrent het beheer daarvan.”⁽¹⁾ Vir sover dit die pers betref, was die bedoeling van hierdie artikel baie duidelik beperkend op die vrye verkryging en publikasie van inligting oor die beheer van enige tronk, wat klaarblyklik ook berigte oor of besprekinge van toestande binne tronke uitsluit. Hoewel heelwat sake oor ander artikels van hierdie wet plaasgevind het, is daar geen gerapporteerde beslissing oor die onderhawige artikel nie.

Hierdie ou wet is in 1959 omvattend gewysig en uitgebrei, in die eerste plaas om voorsiening te maak vir die modernisering van die land se hele gevangenisstelsel,⁽²⁾ maar in die tweede plaas is die sensuurbepalinge van die ou wet ingrypend verskerp. Die redes vir hierdie verskerping blyk o.m. uit die tweedeleesingstoespraak van die Minister van Justisie, mnr. C.R. Swart,⁽³⁾ wat o.m. verklaar het:

„In Johannesburg klim daar persfotograwe bo op 'n hoë gebou en met 'n foto-lens neem hulle tonele binne in die tronk af. Hulle neem 'n klompie naturelle af wat nakend is en wat gemaak word om op en af te spring. So word daar 'n vreeslike lawaai oor gemaak. Dit behoort nie toegelaat te word dat mense van buitekant af sulke tonele in die tronke afneem nie, nie ter wille van die gevangenes nie.....En die hele ding is verkeerd voorgestel. Dit word voorgestel of ons baie wreed handel met hierdie prisoniers om hulle nakend te laat rondans. Maar die feit is dat hierdie gevangenes buite werk en hulle kom terug met alerhande dinge versteek op die mees onmoontlike dele van hul liggame, dinge soos messe en skerp wapens en dagga. Jy kan net nie glo waar hulle dit alles kan kry nie. Tensy jy hulle nakend laat uittrek en hulle 'n paar keer op en af laat spring om te sien of die goed nie uitval nie, sal jy dit nooit kry nie. Dit is die naakte feite daarvan. As hulle net daar stilstaan, dan kry jy die goed nooit nie.....Dit is wat gedoen word en dit is al die jare gedoen en nou skielik maak die pers 'n vreeslike lawaai daaroor; nou skielik is dit wreedheid.”

(1) Wetten van de Unie van Zuid-Afrika, 1910-1911, p. 479.

(2) Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1959, p. 55 e.v. Hansard, Deel 99, kol. 1825.

(3) Hansard, kol. 1832, 1833.

In sy kritiek op sekere persorgane het die Minister verder gesê: „In die laaste tyd, elke keer as 'n blanke ter dood veroordeel word, in die geval van vroue, dan kom sekere koerante uit met gruwelike stories van die laaste oomblikke van die persoon. Vir 95 persent is daardie stories leuens; dit is eenvoudig uit die skrywers se duim gesuig.....Ek het prente hier van wat ter dood veroordeeldes op die laaste oomblikke gedoen het, prente van die mense met die strop om hulle nek en wat dies meer sy. Dit behoort nie so te wees nie.....En dan kom koerante ter wille van die sensasie en om hulle sirkulasie op te bou met hierdie stories.”⁽⁴⁾

Die Minister het voortgegaan: „Wat 'n mens ook vind, is dat die uitwerking van artikels oor veroordeeldes soms is dat hulle voorgehou word as helde. Daar is gevalle waar moordenaars wrede moorde gepleeg het en waar die koerante dan skielik verkondig hoe treurig die tronke is en hoe die mense tot op die laaste oomblik gesweer het dat hulle onskuldig is.....Daardie persoon word dan as martelaar en held voorgehou, terwyl jy weet dat hy skuldig is.”⁽⁵⁾

Mnr. P.C. Pelser, Minister van Justisie sedert 1966, het 'n ander aspek van hierdie aangeleentheid soos volg gestel: „Die aanvalle teen die Departement Gevangenisse oor beweerde wantoestande is daarop gemik om Suid-Afrika in onguns by die res van die wêreld te bring.”⁽⁶⁾ Hierdie aspek kan tans nie bespreek word nie aangesien 'n hofsaak in hierdie verband nog nie afgehandel is nie en die hele saak dus sub judice is.⁽⁷⁾

Die sensuurbepalings van die nuwe wet is duidelik tweeledig van aard: in die eerste plaas word voorsiening vir die beskerming van gevangenes teen sensasionele uitbuiting deur koerante gemaak, terwyl in die tweede plaas duidelik voorsiening vir die beveiliging van die staat se belange gemaak word, o.m. die staat se aansien in die buiteland.

Art. 44 (a) van die nuwe wet lui: „Iemand wat op enige gevangensterrein of op enige gevangenseiendom of binne honderd tree van 'n gevangenis of enige ander plek waar gevangenes is vir die doeleindes van gevangesetting of arbeid of binne honderd tree van 'n in paragraaf (b) van subartikel (4) van artikel 35 bedoelde begrafnis (d.w.s. 'n begrafnis van 'n tereggestelde) slenter en wat versuim om daarvandaan te vertrek wanneer hy deur 'n lid van die gevangensdiens of van die Suid-Afrikaanse Polisiemag daartoe gemaan word.....pleeg 'n misdryf.”

(4) Hansard, kol. 1833.

(5) Ibid, kol. 1834.

(6) Die Transvaler, 28 Junie 1967, p. 3.

(7) Die S.A. Associated Newspapers-saak (supra)

Die draagwydte van hierdie artikel is klaarblyklik wyd: selfs slenter in die nabyheid van 'n tronk of gevangenes kan 'n joernalis ^(of ander persoon) in die moeilikheid laat beland.

Nog ondubbelsinniger is die bewoording van art. 44 (e). Dit lui: „Iemand wat sonder die skriftelike magtiging van die Kommissaris

- „(i) 'n gevangenis, gedeelte van 'n gevangenis, gevangene, of groep gevangenes, hetsy binne of buite 'n gevangenis, of 'n in paragraaf (b) van subartikel (4) van artikel 35 bedoelde begrafnis skets of fotoografeer; of
- „(ii) 'n skets of foto van 'n gevangene of groep gevangenes, hetsy so 'n skets of foto voor of na die inhegtenisneming van die gevangene of groep gevangenes gemaak of geneem is, of van 'n gevangenis, gedeelte van 'n gevangenis, of van 'n in paragraaf (b) van subartikel (4) van artikel vyf-en-dertig bedoelde begrafnis op enige wyse hoegenaamd publiseer of laat publiseer; of
- „(f) enige vals inligting aangaande die gedrag of ervarings van 'n gevangene of oud-gevangene in 'n gevangenis of aangaande die bestuur van 'n gevangenis op enige wyse hoegenaamd publiseer of laat publiseer wetende dat dit vals is of sonder om redelike stappe te doen om seker te maak dat daardie inligting juis is (die bewyslas om te bewys dat redelike stappe gedoen is om seker te maak dat daardie inligting juis is, be-rus by die beskuldigde)....is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbe-vinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R200, of, wanbetaling met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar, of met so-danige gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete, en die hof wat ie-mand aan 'n misdryf kragtens sub-paragraaf (i) van paragraaf (e) skul-dig bevind, kan na goëddunke die sketse of foto's en die negatiewe waarvan bedoelde foto's geneem is, aan die staat verbeurd verklaar.“⁽⁸⁾

(8) Vergelyk die Fischbeck-saak (H/435/66), Die Transvaler 1 Nov. 1966, p. 6. In die saak S. v. Kiley, 1962 (3) S.A. 318 (T) is aangevoer dat die be-skuldigde art. 44 (f) van die wet oortree het deur kabelgramme met valse inligting oorsese te stuur, watter inligting in 'n oorsese tydskrif gepubli-seer is. Die hof het bevind dat publikasie vir sover dit hierdie artikel betref, daarin bestaan het dat die kabelgramme deur poskantooramptenare in die uitvoering van hul pligte en deur 'n polisiebeampte in 'n Suid-Afrikaan-se biblioteek gelees is. Regters Vieyra en Cillié het bevind dat in hier-die artikel nie voorsiening gemaak word vir straf weens publikasie buite Suid-Afrika nie.

Uit die woordbepalinge van die wet blyk duidelik dat die Parlement met hierdie wet die ruimste moontlike betekenis aan die woord „gevangenis” wou gee. 'n Gevangenis word naamlik omskryf as: enige plek wat kragtens die wet ingestel is, of geag word ingestel te gewees het, as 'n plek vir die opneming, aanhouding of opsluiting, opleiding of behandeling van persone wat in bewaring gehou moet word. Dit sluit ook in alle grond, buitegeboue en persele wat daar= aan grens en in verband daarmee gebruik word, en al die grond, takke, buite= stasies, kampe, geboue, persele of plekke waarheen enige sodanige persone ge= stuur word vir die doel van gevangesetting, aanhouding, arbeid, behandeling of andersins, asook die amptelike wonings van lede van die gevangenisdiens wat in verband met so 'n gevangenis gebruik word. Polisie- of opsluitplekke word by die omskrywing inbegryp.

In die woordbepaling van die wet word 'n gevangene omskryf as enige per= soon, hetsy hy al veroordeel is al dan nie, wat in 'n gevangenis (soos hierbo omskryf) aangehou word. Oor wat 'n gevangene presies is, het die hof reeds uit= sluitsel gegee.⁽⁹⁾ Regter J.F. Ludorf het bevind dat 'n gevangene 'n gevangene bly wanneer hy in transito van een plek na 'n ander is, of wanneer hy vir enige wettige doel of rede buite die gevangenis is, en dat dit geen verskil maak of hy in bewaring van die polisie of van die gevangenisowerheid is nie. Regter Ludorf het verder beslis dat 'n persoon 'n gevangene is van die oomblik dat hy in hegtenis geneem word totdat hy ontslaan word, of borgtog aan hom toegestaan word, of hy begenadig word, of op parool vrygelaat word of ontsnap. Word 'n ont= snapte weer aangekeer, is hy outomaties weer 'n gevangene.

Oor die pers se reg om foto's van gevangenes of oud-gevangenes te plaas, is die laaste woord nog nie gespreek nie. Daar is joernaliste wat meen dat die verbod op die neem van foto's bloot bedoel is as 'n verbod op die neem van 'n fo= to van die persoon as gevangene. Hieruit sou dan volg dat 'n koerant 'n foto wat van die persoon geneem is toe hy nie 'n gevangene was nie, wel mag publiseer, al

(9) S. v. S.A. Associated Newspapers, 1962 (3) S.A. 396 (T). Vergelyk ook die uitspraak in R. v. Mabida, 1960 (2) S.A., 49 (N), nl. „the unlawful re= moval and unlawful employment of an awaiting trial prisoner away from the prison (or prison cell), results in his ceasing to be a 'prisoner' as defined in sec. 1 (xii) read with sec. 1 (x) of Act 8 of 1959. On his escaping from such place of employment he cannot therefore be convicted of escaping from custody in contravention of sec. 48(1)a of Act 8 of 1959”.

verkeer hy ook op die tydstip van publikasie in die gevangenis.

Die N.P.U. deel blykbaar nie hierdie mening nie. In sy antwoord op 'n navraag van die Commonwealth Press Union het die N.P.U. in hierdie verband verklaar: „It (the Act) also prohibits the publication, without authority, of pictures of prisoners or ex-prisoners or people who died whilst in prison.”⁽¹⁰⁾

'n Voorval waarby Die Beeld betrokke was, dui ook daarop dat oor hierdie vraag nog onsekerheid bestaan. Nadat dié blad vrugteloos (moontlik vanweë die afwesigheid van kantoor van genl. J.C. Steyn, Kommissaris van Gevangenis) op verlof gewag het om 'n foto van Bram Fischer as baba van twintig maande te publiseer, het mnr. Schalk Pienaar in sy gebruiklike weeklikse politieke rubriek op 8 Mei 1966 geskryf: „Ek het geen beswaar daarteen dat die wet hom magtig om in b e p a a l d e gevalle verlof te weier vir die publikasie van foto's van mense wat in die tronk is of tereggestel is nie. Waarteen ek wel beswaar het, is dat die wet so vertolk word dat die verlof outomaties geweier word. Dit is 'n historiese foto wat ons wou plaas: 'n heldhaftige oupa, 'n groot pa en 'n oulike seuntjie wat as volwassene so heeltemal die koers van sy voorgeslagte kwytgeraak het. Maar genl. Steyn het nee gesê, en ons moes die baba se gesig doodverf.”

Hoe sterk die rubriekskrywer dié beletsel aangevoel het, spreek uit die laaste paragraaf van die betrokke kommentaar: „Intussen, as iemand om een of ander rede hierdie naweek 'n foto van Jopie Fourie plaas, of van die manne van Slagtersnek, begaan hy 'n ernstige oortreding. Want niemand mag dit doen sonder genl. Steyn se verlof nie.”

Administratief is die Departement Gevangenisse klaarblyklik sterk daarop ingestel om die magte wat Wet 44 van 1959 hom verleen het, streng toe te pas. Daarvan getuig die hele reeks strafsake wat reeds teen 'n verskeidenheid mense aanhangig gemaak is. In die Hooggeregshof het die reeds vermelde sake van S. A. Associated Newspapers en Kiley gediën, terwyl Harold Strachan en bewaarders Theron en Van Schalkwyk in die landdroshowe aangekla is. Een saak waarby vier amptenare van S.A. Associated Newspapers betrokke is, moet nog afgehandel word, sodat die tronksaak-reeks nog sub judice is - die materie van die jongste saak hou naamlik verband met aanklagte waarby veral Theron en Van Schalkwyk betrokke was. Die standpunte van die Suid-Afrikaanse howe met betrekking tot die nuwe wetgewing kan derhalwe nog nie vasgestel word nie.

Die Departement se eie vertolking van sy magte word saamgevat in 'n skrywe, gedateer 15 Junie 1967, wat lui: „Benewens die bepalings van artikel 44 van

(10) Omsendbrief aan N.P.U.-lede, 20 Junie 1967, p. 1.

die Wet op Gevangenisgevangenis...besit die Kommissaris van Gevangenisgevangenis kragtens Gevangenisregulasie 148 die bevoegdheid om van tyd tot tyd administratiewe voorskrifte, bekend as Gevangenisdiensorders, uit te reik. Daarkragtens berus die verskaffing van inligting aan die pers by die Afdeling Publikasies en Skakeldienste. Dit spreek natuurlik vanself dat die Kommissaris, Adjunk- en Assistent-kommissaris uit hoofde van hul amp inligting kan verstrek.

„Bevelvoerende offisiere van Gevangenisgevangenis is ook geregtig om inligting in verband met ontvlugtings by navraag aan plaaslike nuusblaaie goed te keur. Geen inligting betreffende die omstandighede waaronder die ontvlugting plaasgevind het, ens. mag egter verskaf word nie, aangesien 'n departementele ondersoek ná elke ontvlugting ingestel word en die aangeleentheid dus sub judice is.

„Dit dien egter daarop gelet te word dat geen beperking hoegenaamd gelê word op die publisering van inligting aangaande die gedrag of ervaring van 'n gevangene of die bestuur van 'n gevangenis nie - die onus om die korrektheid van die feite te verifieer berus by die skrywer....Die Departement is bereid om te eniger tyd enige versoek (van die pers) op meriete te oorweeg. Besonderhede betreffende veiligheidsmaatreëls in gevangenisgevangenis of ten opsigte van gevangenes, sensasionele beriggewing of iets wat die rehabilitasie van 'n gevangene moontlik kan skaad ens., sal egter weens voor-die-hand-liggende redes nie verstrek word nie.”

Dit ly geen twyfel dat die Suid-Afrikaanse pers met betrekking tot tronkberiggewing lig moet loop nie. Sensasionele beriggewing oor, selfs foto's van, gevangenisgevangenis en gevangenes mag sonder toestemming nie geplaas word nie en in die lig van die duidelike oogmerk van die wetgewing moet verwag word dat sodanige toestemming nie ligtelik gegee sal word nie. Aan die ander kant bestaan daar geen beletsel op die publikasie van „inligting aangaande die gedrag van 'n gevangene of die bestuur van 'n gevangenis nie,” mits die skrywer (en sy redakteur) vir die korrektheid van die feite wat meegedeel word, kan instaan. Kortom, die publikasie van feite word in die algemeen nie verbied nie, wel die publikasie van valse stellinge.

„n Eis aan die pers om die waarheid, en niks as die waarheid nie, te publiseer, is nie pers-nuussensuur of nuusonderdrukking nie. Die besef dat dit so is, het die N.P.U. dan ook tot die volgende slotsom laat geraak: „It was further pointed out that these restraints on the publication of matters set out above have in practice had very little effect on the flow of news and comment. In general a newspaper editor would seldom be hampered in his day to day operations

by such restraints as do exist."⁽¹¹⁾

Dit skyn dus of die Parlement in hierdie aangelsentheid 'n redelike midde-weg tussen sensasionele en onverantwoorde tronknuus aan die een kant en 'n vol-strekte swye oor toestande in die land se tronke geprobeer vind het.

Daar is egter ook 'n ander kant van die saak. In 'n hoofartikel gee The Star⁽¹²⁾ toe dat die verskerpte wetgewing op tronkberiggewing 'n saak is waarby die staatsveiligheid gemoeid is. Die blad skryf: „It would be unrealistic to ignore the reasons for it, which are related to South Africa's general position in the world. It was believed that allegations of prison maltreatment would be used in the political campaign against South Africa. In fact, they have been so used, and never more so than since free discussion of prison conditions have been inhibited. The precautions have, therefore, been self-defeating. The wildest charges have been and are being made abroad, charges which no South African news-paper will dare to print and which, therefore, go unrefuted. The publicity clauses of the Prisons Act have, in fact, been a failure and are plainly contrary to public interest. They should be scrapped.”

Daar steek 'n mate van waarheid in die stelling van The Star, maar die vraag ontstaan tog of die wilde beriggewing in die buiteland - ten opsigte waarvan altyd amptelik aangevoer kan word dat dit uit die duim gesuig is - minder giftig sal word wanneer teruggekeer word tot die toestande wat min. Swart in sy tweede-lesingstoespraak geskets het. Dit is waar dat 'n verbod op die publikasie van feite die agterdog in die hand werk dat daar werklik iets ernstigs is om weg te steek, maar by hierdie wetgewing is daar van 'n algehele verbod op feitepublikasie geen sprake nie, slegs van 'n verbod op leuenagtige mededeling. Wat meer is, die bron van die skerp anti-Suid-Afrikaanse tronkberigte wat juis tot die aanname van art. 44 gelei het, was blykens min. Swart se mededeling nie vyandige buitelanders nie, maar Suid-Afrikaners. Voordat hy hierdie artikel opskort of wysig, sal die Parlement ongetwyfeld die versekering wil hê dat die verlede hom nie sal herhaal nie, en daar is niks wat daarop dui dat so 'n versekering wel deur iemand gegee kan word nie.

Miskien moet in hierdie verband ook maar aanvaar word dat niks wat Suid-Afrika in belang van sy eie veiligheid doen, vir sekere buitelandse vyande aanvaarbaar sal wees nie en, al sou ook met reg aangevoer kan word dat die gevangenisowerheid art. 44 met te min rekbaarheid toepas, is dusver geen afdoende bewys gelewer dat die artikel werklik nie in sy opset slaag nie, naamlik om die land se aansien in die buiteland teen onnodige beswadding te beskerm.

(11) Ibid, p. 2.

(12) The Star, 8 Desember 1967, p. 20.

VIII. Die Verdedigingswet (13 van 1912, 44 van 1957 en 85 van 1967)

Van al die maatreëls wat sedert 1910 ter beveiliging van die staat aangeneem is, is geeneen uit die aard van die saak belangriker as die Verdedigingswet nie, waarby nie minder nie as agt vroeëre Kaapse, Natalse en Transvaalse wette herroep is.⁽¹⁾ Hierdie wet is na gelang van omstandighede herhaaldelik verder gewysig⁽²⁾ totdat 'n nuwe Verdedigingswet in 1957⁽³⁾ aangeneem is wat alle vorige wetgewing in verband met verdediging herroep het. Die wet van 1957 is daarna herhaaldelik verder gewysig⁽⁴⁾ totdat die Wysigingswet op Verdediging⁽⁵⁾ tydens die Parlementsitting van 1967 aangeneem is.

Kenmerkend van haas elke wysiging van die Verdedigingswet was 'n verskerping van die bepalinge ten opsigte van die staatsveiligheid, soos aangetoon sal word ook ten opsigte van die perssensuurvoorskrifte wat sedert 1912 'n belangrike onderdeel van die land se Verdedigingswet was.

Sonder om op besonderhede in te gaan, moet verskeie gebeurtenisse van internasionale betekenis genoem word om die verskerpingstendens te kan verstaan. Die eerste van hierdie gebeurtenisse was die Kommunistiese revolusie van 1917 met sy nawerkinge, ook in Suid-Afrika. Daarop het die Nazistiese en Fascistiese revolusies gevolg, die Tweede Wêreldoorlog, waarin die tegniek van die vyfde kolonne vervolmaak is. Die Tweede Wêreldoorlog is deur die koue oorlog opgevolg, met sporadiese uitbarstings van gewelddadigheid, beperkte skietoorloë, sabotasie en terrorisme in alle dele van die wêreld, ook in die Republiek. Dit is teen hierdie

(1) Wet 13 van 1912 het die volgende ouer wette uitdruklik herroep:

(a) Kaap: Wet 32 van 1892: De Wet op de Koloniale Strijdmacht, 1892; Wet 4 van 1893, 'n wysigingswet; en Wet 16 van 1895, eweneens 'n wysigingswet.

(b) Natal: Wet 36 van 1903, die Milisiewet; Wet 30 van 1905, 'n wysigingswet; en Wet 36 van 1906, eweneens 'n wysigingswet.

(c) Transvaal: Ordonantie 37 van 1904: de Ordonantie op Vrijwilligerkorpsen; Wet 21 van 1908: de Wijzigingswet op Vrijwilligerkorpsen.

(2) Vergelyk Wet 22 van 1922, 32 van 1932, 39 van 1947, 43 van 1949, 44 van 1951 en 62 van 1952, asook art. 1 van 33 van 1943, art. 46 van 58 van 1946, art. 16 van 48 van 1947, art. 3 van 43 van 1954.

(3) Wet 44 van 1957.

(4) Vergelyk Wet 80 van 1959, 12 van 1961, 83 van 1962, 77 van 1963, 81 van 1964 en 39 van 1966.

(5) Wet 85 van 1967.

agtergrond dat die stelselmatige verskerping van die wetgewing in verband met verdediging en die openbaarmaking van inligting wat vir 'n vyand van betekenis kan wees, gesien moet word.

In sy tweedelesingstoespraak het min. P.W. Botha op 2 Junie 1967 met betrekking tot die verskerping van perssensuur volgens Hansard (kol. 7414 e.v.) verduidelik waarom die owerheid dit nodig geag het om die pers verder aan bande te lê. Hy het gesê: „Ons leef in 'n tydperk waarin die skeiding tussen oorlog en vrede nie meer altyd duidelik is nie. Ons leef in 'n tydperk waarin 'n vol= skaalse oorlog dikwels vooraf gegaan word deur terrorisme en guerilla-oorlog= voering. Ek vind dit jammer dat sommige mense ons beste bedoelings met hierdie voorstel nie wil aanvaar nie. Ek het uit my pad gegaan om die Persunie in te lig waarom stappe van hierdie aard noodsaaklik is en 'n lang bespreking met hul= le gevoer. Die Persunie het op hulle beurt my standpunt skriftelik onder die aan= dag van hul lede gebring en tot vandag toe het ek geen protes in dié verband van die Persunie ontvang nie.....

„Ek en die Opperbevel erken die waarde van die pers vir die Weermag. Ons is ook voornemens om alle moontlike geleenthede te skep waardeur die pers veroor= loofbare berigte oor verdediging kan publiseer. Trouens, ons is voornemens om, ná die aanname van hierdie wetsontwerp, so gou moontlik 'n lys van aangeleenthede tot beskikking van die pers te stel waaroor hulle vryelik berigte kan plaas. Ons is ook voornemens om middele daar te stel waardeur die pers my en die Departement van tyd tot tyd kan raadpleeg en toestemming verkry om berigte te publiseer oor aangeleenthede wat nie duidelik is nie.

„Ek weet dit is 'n interessante speletjie, en soms sensasiewekkend, om berig= te oor aangeleenthede van verdediging te publiseer. Die aantreklikheid daarvan ontken ek nie. Maar wanneer daar darem oor beweerde troepebewegings en onluste in die pers gespekuleer word op die vooraand van die hofuitspraak oor Suidwes-Af= rika, dan is dit nie meer 'n speletjie nie. As berigte verskyn waarin in besonder= hede aan die wêreld verkondig word waar Suid-Afrika se olie-opslagtenks gebou word, terwyl die koerant self aandui dat die inligting geheim is, dan wonder 'n mens wat daarmee beoog word.

„As daar berigte verskyn dat 'n loteling by Walvisbaai ernstige kopbeserings opgedoen het, berigte wat sy ouers ontstel en die Weermag in gedrang bring en dit blyk dan agterna totaal onwaar te wees, moet die spel nou maar toegelaat word om voortgesit te word?....Dit sal egter ook dwaas wees om die pers nie op elke moont= like manier in te span om daardeur die beste voordeel vir die Weermag uit hul pu= blisiteit te haal nie, want die volk en die Weermag moet nader aan mekaar gebring word.”

Die oogmerke van die Minister, soos uit hierdie aanhaling blyk, is baie duidelik: die pers word aan bande gelê waar dit die staatsveiligheid, o.m. ten opsigte van moontlike buitelandse vyande, aangaan, maar aan die ander kant word die pers as 'n potensieel waardevolle bondgenoot erken, ook in belang van die staatsveiligheid.

Interessant in hierdie verband is die feit dat, hoewel sekere beperkinge op die pers reeds in die Verdedigingswet van 1912 vervat was, geen gerapporteerde saak oor 'n oortreding van daardie sensuurbepalings in vreedestyd opgespoor kan word nie.

Wet 13 van 1912:

Die beperkinge wat ingevolge die Verdedigingswet van 1912 aan die pers opgelê kon word, was reeds betreklik skerp. In twee artikels is regstreeks vir perssensuur voorsiening gemaak, nl. 91 en 92.

In subartikel (1) van artikel 91 word spesifiek met die publikasie van militêre inligting in oorlogstyd gehandel. Die publikasie van inligting in „een nuusblad, magazijn, boek, pamflet of op enige andere wijze" in verband met beweging of besluite van die Verdedigingsmag word verbied en voorts word bepaal: „en evenmin zal enige bewering, aanmerking of voorstel gepubliceerd worden die of dat direkt of indirekt enige zodanige informatie kan verstrekken."

Maar nie slegs in oorlogstyd word vir sensuur voorsiening gemaak nie. Die wet bepaal voorts:⁽⁶⁾ „Geen informatie in zake strategiese plannen voor de verdediging van de Unie of enige werken die men voornemens is te maken voor of in verband met de fortifikatie of verdediging van de Unie mogen ooit aldus gepubliceerd worden," behalwe wanneer publikasie deur die Minister van Verdediging of op sy gesag gemagtig word nie.

In die wet word uitdruklik bepaal⁽⁷⁾ dat die eienaar, drukker, uitgewer of redakteur van „enig nuusblad, magazijn, boek of pamflet waarin zodanige informatie gepubliceerd is of de persoon of personen die aansprakelijk zijn voor de publikatie van zulke informatie...zullen schuldig zijn aan een overtreding en naar aanleiding daarvan kan rechtsvervolging worden ingesteld tegen alle of een of meer van die personen."

Die ongemagtigde verstrekking van inligting deur lede van die Verdedigingsmag of die staatsdiens word vervolgens verbied,⁽⁸⁾ terwyl voorsiening daarvoor gemaak word dat, benewens 'n aanklag ingevolge die Verdedigingswet, ook ingevol-

(6) Art. 91 (2).

(7) Art. 91 (3).

(8) Art. 91 (4).

ge die Britse wet op ampsgeheime, 1911, teen 'n skuldige opgetree kan word.⁽⁹⁾

Die wet magtig ook die Posmeester-generaal om telegrafiese mededeling wat inligting strydig met art. 91 (1) en (2) bevat, te vertraag of versending geheel of gedeeltelik te weier⁽¹⁰⁾ en dan volg: „In tyd van oorlog kan die Goeverneur-generaal een sensuur instellen over alle of enige soort van posstukke of telegramme die binne die Unie of daarheen of daaruit gezonden worden.” In dieselfde artikel word bepaal dat die sensuurregulasies alle bepalinge of regulasies in verband met die poswese in vrede tyd ophef. Die artikel lui voorts: „Enig persoon die verzuimt te voldoen aan of handelt in stryd met die voorwaarde of regulasies voorgeschreven krachtens dit artikel zal schuldig zijn aan een overtreding.”

Anders as in latere wette word in hierdie wet egter geen spesifieke straffe vir oortredinge van die sensuurmaatreëls vir die howe voorgeskryf nie.

Die trefwydte van artt. 91 en 92 is, vir sover vasgestel kan word, nóg in vrede tyd nóg in oorlog tyd in die howe getoets.

Wet 44 van 1957

Die menigte wysiginge van die eerste Verdëdigingswet, soos in voetnoot (2) aangetoon, veranderende wêreldtoestande, tegnologiese vooruitgang, ook ten opsigte van die pers en ander kommunikasie-middele, was belangrike faktore wat tot die wysiging en konsolidering van alle bestaande wetgewing in verband met verdediging in 1957⁽¹¹⁾ gelei het, soos o.m. uit die bepalinge van die nuwe wet self blyk. Met die eerste oogopslag is dit klaar duidelik dat die sensuurbepalinge van die nuwe wet 'n opvallende uitbreiding op en verskerping van die bepalinge van artt. 91 en 92 van die ou wet was.

In plaas van die ou wet se „nuusblad, magazijn, boek, pamflet of op enige ander wijze”⁽¹²⁾ maak die nuwe wet voorsiening vir sensorkap „oor alle soorte pos-, telegraaf-, telefoon- of radiostukke of kommunikasies wat binne die Unie, daarin of daaruit gestuur word, en oor alle of enige soorte briewe, geskrewe stukke of drukwerk, pakette, prente, tekenings, sketse, foto's of grammofoonplaatte (met inbegrip van enige artikel, apparaat of toestel waarop of deur middel waarvan inligting of klanke van enige aard opgeneem is en weer voortgebring kan word.”)⁽¹³⁾

(9) Art. 91 (5).

(10) Art. 92 (1).

(11) Wet 44 van 1957.

(12) Wet 13 van 1912, art. 91 (1).

(13) Wet 44 van 1957, art. 101 (1).

In die nuwe wet⁽¹⁴⁾ word eweneens bepaal dat die sensuurregulasies geld ondanks die bepalings van enige wet of regulasie met betrekking tot die bestuur van die pos- en radiowese. Die maatreël met betrekking tot die vertraging of weiering van telegrafiese boodskappe word ook behou.⁽¹⁵⁾

Van groot betekenis vir die pers, hoewel onregstreeks, is die voorsiening in hierdie wet vir die afkondiging van noodregulasies.⁽¹⁶⁾ Ingevolge noodregulasies sou dit vir die owerheid moontlik wees om die publikasie van 'n koerant of tydskrif op 'n bepaalde plek vir korter of langer tydperke te verbied. Die magte wat ingevolge art. 103 aan die Staatspresident verleen word, is naamlik so wyd dat slegs wysiginge van militêre diensplig en die kwalifikasies, nominasie of ampsduur van lede van die Senaat of die Volksraad of 'n Provinsiale Raad of die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika of vergaderings van hierdie wetgewende liggame uitgesluit word.⁽¹⁷⁾

Artikel 118 van die nuwe wet is wesenlik 'n herformulering en uitbreiding van die 1912-wet se artikel 91. Die wyse waarop inligting oorgedra kan word, word in hierdie wet uitgebrei⁽¹⁸⁾ om „enige verklaring, kommentaar of aanduiding wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks sulke inligting oor te dra” in te sluit. Die bepaling dat niemand te eniger tyd op enige wyse hoegenaamd geheime of vertroulike inligting met betrekking tot die verdediging van die land mag verstrek nie, word behou.⁽¹⁹⁾

Die nuwe wet maak voorts voorsiening vir verskerpte optrede teen lede van die Weermag, die staatsdiens e.d.m. wat inligting ongemagtig verstrek.⁽²⁰⁾ Hierdie artikel lui: „Iemand wat geheime of vertroulike inligting met betrekking tot die verdediging van die Unie aan 'n persoon openbaar maak wat hy te wete gekom het weens sy lidmaatskap van die Suid-Afrikaanse Weermag of weens sy diens in die Unie-staatsdiens of in enige ander amp, pos, aanstelling of hoedanigheid in diens van die Regering of weens enige kontrak met betrekking tot die verdediging van die Unie of enige diens by 'n kontrakteur onder so 'n kontrak, of wat vertroulik aan hom verstrek is deur iemand wat gemagtig was of wie se plig dit was om daardie inligting aan hom te verstrek, is aan 'n misdryf skuldig....”

(14) Art. 101 (2).

(15) Art. 101 (4).

(16) Art. 103.

(17) Art. 103 (3) (a) en (b).

(18) Art. 118 (1).

(19) Art. 118 (2).

(20) Art. 118 (4).

Die erns waarmee oortredinge van hierdie aard bejeen word, blyk uit die bepaling⁽²¹⁾ dat by 'n aanklag weens oortreding van art. 118 (2) en (4) „totdat die teendeel bewys word, vermoed word (a) dat enige inligting met betrekking tot die verdediging van die Unie geheim of vertroulik is en (b) waar bewys word dat die beskuldigde 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag is of was of in die Unie-staatsdiens of in 'n ander amp, pos, aanstelling of hoedanigheid in diens van die Regering is of was, of 'n kontrak met betrekking tot die verdediging van die Unie het of gehad het, of by 'n kontrakteur onder so 'n kontrak in diens is of was, dat hy die geheime of vertroulike inligting weens sodanige lidmaatskap, diens of kontrak te wete gekom het.

„(6) By die toepassing van hierdie artikel word inligting met betrekking tot militêre uitrusting geag geheim of vertroulik te wees tensy publikasie van die betrokke inligting deur of op gesag van die Minister gemagtig is.”

Die bepaling van die ou wet dat iemand wat die bepalinge van die Verdedigingswet oortree, ook ingevolge 'n ander wet aangekla kan word, word behou.⁽²²⁾

In die regulasies ingevolge Wet 44 van 1957 word voorsiening gemaak vir strawwe weens die oortreding van art. 118. Tydens krygsdiens kan 'n lid van die Weermag wat inligting ongemagtig verstrekk, tot hoogstens vyf jaar tronkstraf gevonnis word en in enige ander geval tot hoogstens twee jaar.⁽²³⁾

Die nuwe wet verbied vervolgens⁽²⁴⁾ die ongemagtigde neem van foto's of die maak van sketse van verdedigingsinstellings. Die verbod geld die „neem van 'n foto of die maak van 'n skets, plan, model of aantekening” van 'n in die Staatskoerant afgekondigde omskrewe gebied of van enige deel daarvan of voorwerp daarin.

Hierdie artikel is vir die pers van besondere betekenis. Dit impliseer dat koerantmanne en -fotografe goed ingelig moet wees in verband met alle voorgeskrewe gebiede, sodat 'n foto nie per abuis of toevallig van so 'n gebied geneem word nie. Kortom, die bepaling kan ook onwetend oortree word.

Die wet maak ook daarvoor voorsiening dat 'n lid van die Weermag beslag kan lê op enige kamera of apparaat, film of negatief wat in so 'n omskrewe gebied gevind word.⁽²⁵⁾ So 'n artikel kan aan die staat verbeurd verklaar word.

Die sensuurbepalinge van ook hierdie wet is nog nie in die hof getoets nie.

(21) Art. 118 (5).

(22) Art. 118 (7).

(23) Regulasie 8 ingevolge Wet 44 van 1957.

(24) Art. 119.

(25) Art. 119 (2).

Die ongerapporteerde Humpelstetter-saak waarna voorheen verwys is en wat van 6 tot 8 September 1967 in die Kaapse Hooggeregshof gedien het, is naamlik in die eerste plaas aanhangig gemaak vanweë beweerde oortreding van art. 2 van die Wet op Amptelike Geheime en slegs in die alternatief weens beweerde oortreding van die Verdedigingswet.

Wet 85 van 1967

Die regstreekse aanleiding tot die aanname van die Wysigingswet op Verdedigingswet van 1967 is in sy tweedelesingstoespraak deur min. P.W. Botha in twee kort sinne saamgevat: „Ons leef in 'n tydperk waarin die skeiding tussen oorlog en vrede nie meer altyd duidelik is nie. Ons leef in 'n tydperk waarin 'n volskaalse oorlog dikwels vooraf gegaan word deur terrorisme en guerilla-oorlogvoering.”⁽²⁶⁾

Hierin moet ook die verklaring gesoek word vir die feit dat die 1967-wet die sensuurbepalings van die hoofwet van 1957 opvallend uitbrei. Art. 118 van die hoofwet word gewysig deur die vervanging van subartikel 1, waarin die publikasie van inligting in oorlogstyd uitgebrei word tot „lokomotiewe, rollende materiaal, voertuie, vaartuie, of vliegtuie van enige spoorweg-, pad-, binnelandse water- of seevervoerstelsel of lugdiens waaroor 'n offisier van die Suid-Afrikaanse Weermag ingevolge artikel 102 (1) beheer geneem het, of enigiets wat ingevolge artikel 102 (2) op aansegging van die Minister verskaf is, of enige verklaring, kommentaar of gerug wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks sulke inligting oor te dra.”⁽²⁷⁾

In 'n volgende subartikel⁽²⁸⁾ word vir die eerste keer in die Verdedigingswet 'n verbod geplaas op die publikasie van inligting wat die land se buitelandse verhoudinge nadelig kan beïnvloed. Hierdie artikel lui: Niemand mag in 'n nuusblad, tydskrif, boek of pamflet of per radio of op ander wyse (b) enige verklaring, kommentaar of gerug ^{met} ~~wat~~ betrekking tot 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag of 'n bedrywigheid van die Suid-Afrikaanse Weermag of 'n mag van 'n vreemde land, wat daarop bereken is om die Regering in sy buitelandse verhoudinge te benadeel of in die verleentheid te stel of om lede van die publiek te ontstel of neerslagtig te maak, publiseer nie, behalwe waar die publikasie daarvan deur of op gesag van die Minister gemagtig is.

Die toepassing van die wet word in 'n mate versag deur die invoeging van 'n

(26) Hansard 1967, kol. 7414.

(27) Wet 85 van 1967, art. 118 (1)(a) (iii).

(28) Art. 118 (1) (b).

nuwe subartikel na subartikel (1)⁽²⁹⁾ wat lui: „(1A) Geen vervolging ten opsigte van 'n misdryf ingevolge subartikel (1) word ingestel nie behalwe kragtens die skriftelike magtiging van die prokureur-generaal wat met regsbevoegdheid in die betrokke gebied bekleed is of van 'n lid van sy personeel wat skriftelik deur hom daartoe aangewys is.” Die wetgewer se bedoeling met hierdie subartikel skyn te wees om geregtelike stappe slegs op die hoogste vlak te doen.

Artikel 119 van die hoofwet in verband met die neem van foto's en die maak van sketse word ook gewysig, maar vir die pers nie betekenisvol nie. Daarin word bepaal⁽³⁰⁾ dat die Minister 'n omskrewe gebied by wyse van kennisgewing in die Staatskoerant kan aandui sowel as „op 'n ander wyse wat hy in die omstandighede genoegsaam ag.”

In die wysigingswet word eweneens geen spesifieke strawwe voorgeskryf nie, sodat aangeneem kan word dat die regulasies ingevolge die hoofwet slegs by die nuwe bepalinge aangepas sal word en dat die voorgeskrewe strafbepalinge van die hoofwet behou sal word.

Die gewysigde artikels 118 en 119 van die hoofwet kom in werklikheid daarop neer dat die verbod op die openbaarmaking van inligting oor militêre sake in tyd van oorlog nou te alle tye van toepassing sal wees. Die pers moet militêre nuus met ander woorde ná die aanname van Wet 85 van 1967 hanteer asof Suid-Afrika in oorlogsomstandighede verkeer. Dit is trouens wat die Minister in sy tweedelesingstoespraak by implikasie gesê het.

Op versoek het genl. R.C. Hiemstra, Kommandant-generaal van die Suid-Afrikaanse Weermag, op 2 Junie 1967 die volgende uiteensetting verstrek van reëlinge binne die Weermag oor die vrystelling van militêre inligting ingevolge die nuwe wet:

- (i) Geen inligting mag by die Verdedigingshoofkwartier aan die pers verstrek word, behalwe deur die kantoor van die Openbare Skakeloffisier nie.
- (ii) Hoofde van Weermagsdele en Afdelingshoofde word gemagtig om na goeë dunnke persberigte oor enige aangeleentheid wat regstreeks binne hul normale sfeer van beheer val, aan die Openbare Skakeloffisier te verstrek, met dié voorbehoud dat geen sodanige inligting verstrek mag word oor enige aangeleentheid wat op die verklaring of formulering van 'n nuwe beleid of enige afwyking of verduideliking van die huidige beleid betrekking het nie, tensy en totdat die voorgestelde berig deur die Kommandant-generaal goedgekeur is.

(29) Ibid, art. 118 (1A).

(30) Ibid, art. 119 (a).

- (iii) Bevelvoerders Kommandemente (insluitende gelykwaardige bevelvoerders in die S. A. Vloot) en S.A.L.M.-groepe word gemagtig om sonder voorafgaande verwysing na en goedkeuring deur die Verdedigingshoofkwartier persberigte oor die volgende aangeleenthede regstreeks aan plaaslike nuusblaaie te verstrek:
- (a) Die aankoms en vertrek van Burgermagedenhede vir opleiding.
 - (b) Gegewens van 'n algemene aard oor die opleiding en maneuvres van eenhede ná afloop van die tydperk van onafgebroke opleiding.
 - (c) Uitnodigings aan die publiek om parades en spesiale maneuvres by te woon.
 - (d) Seremoniële parades vir sover dit in ooreenstemming is met bestaande regulasies en algemene seremoniële instruksies.

In oorlogstyd, lui genl. Hiemstra se mededeling, sal die Departement Inligting vir die bekendmaking van militêre inligting verantwoordelik gestel word. Dit spreek vanself dat hierdie Departement vir geval van oorlog of dreigende oorlog sy eie stelsel van nuusvrystelling aan die pers bekend sal maak. Hierdie stelsel sal uit die aard van die saak vertroulik wees, maar daar kan nietemin aangeneem word dat, al sou byna alle besonderhede van 'n nuwe ooreenkoms met die pers verskil van die ooreenkoms wat in 1940 tydens die Tweede Wêreldoorlog tussen die Suid-Afrikaanse pers en die destydse Inligtingsburo aangegaan is, die breë beginsels wat in daardie ooreenkoms vervat is, ook in 'n toekomstige ooreenkoms in mindere of meerdere mate vervat sal wees. Die destydse ooreenkoms word dus as Bylae A hierby aangeheg.

Slotsom:

Die toenemende internasionale druk waaraan Suid-Afrika onderwerp word en die wêreldwye toename van hoofsaaklik linksgeïnspireerde spioenasiebedrywighede, terrorisme en guerilla-oorlogvoering is nogtans nie die enigste oorweging waarom Suid-Afrika se sensuurwetgewing met betrekking tot militêre veiligheid deur die loop van jare konsekwent verskerp is nie. Dele van die pers en die moderne tegniek van beriggewing moet deel van die „blaam" vir die verskerpte sensuur dra. Vroeër in hierdie hoofstuk is aangetoon hoe sowel min. Swart as min. Botha in die Volksraad by die indiening van wetgewing wat onder meer vir verskerpte sensuurmaatreëls in belang van die staatsveiligheid voorsiening maak, verwys het na sensasionele beriggewing sonder inagneming van die staatsveiligheid. 'n Bespreking van die moderne sensasieneiging by die pers, ook in Suid-Afrika, val buite die bestek van hierdie studie, maar die feit dat die toenemende neiging tot sensasie by die pers 'n rol by die verskerping van sensuurmaatreëls gespeel het en

nog speel, is nie weg te redeneer nie. In werklikheid is daar rede tot verbaasings dat dusver, in weerwil van wetgewing wat dit magtig, so selde opgetree is teen persmense en koerante wat in hul beriggewing klaarblyklik min om die staatsveiligheid gegee het. In die Tweede Wêreldoorlog is na alle waarskynlikheid in gevolge die noodregulasies mense geïnterneer wat die sensuurmaatreëls in belang van landsveiligheid oortree het - uit die aard van die saak kan optrede aan die kant van die staat in hierdie verband nie vasgestel word nie - maar dit tref nogtans dat so min aanklagte ingevolge die onderskeie sensuurmaatreëls deur die jare aanhangig gemaak is. Dit is ook waarskynlik dat administratief teen o.m. militêre personeel, gevangenisbewaarders en ander staatsamptenare opgetree is - verrigtinge wat ook nie vasstelbaar is nie - maar in die algemeen skyn dit of Suid-Afrikaanse regerings dusver ongeneë was om skerp teen afwykende meninge, selfs tot skade van die staat, op te tree. Miskien steek daar 'n mate van waarheid in die bitsige opmerking van Julius Lewin in The Forum van November 1955. Lewin het geskryf: „Censorship in South Africa is a futile affair, failing in its purpose. There are, fortunately, already far too many books in the country full of ideas in support of human freedom and social justice and racial equality.....And too many of these dangerous ideas have already entered the heads of too many men and women and their children. (Censorship) has come too late to stop the progress of South African thought....Let us gladly recognise that the tyranny under which we live is tempered in practice by inefficiency: and for that mercy let us all be truly thankful".⁽³¹⁾

Lewin het in hierdie artikel nogtans misgetas. Dit is finaliter nie „ondoel-treffendheid" wat skerp sensuur en die onderdrukking van vryhede in Suid-Afrika verhoed nie, maar 'n warsheid aan die kant van die Afrikaner (en die Calvinis) om vryheid van denke en afwykende meninge te onderdruk, behalwe as laaste uitweg om die goeie orde en staatsveiligheid te verseker.

(31) Lewin, Julius, in The Forum, November 1955, p. 23.

IX. Wet op Atoomkrag (90 van 1967)

Hoewel die Republiek oor geen atoom- of kernwapens beskik nie en blykbaar ook nie voornemens is om binne afsienbare tyd sodanige wapens te koop of te vervaardig nie, het die Republiek as belangrike uraanprodusent en as besitter van 'n moderne kernnavorsingsinstituut, dié by Pelindaba, wel belang by die ordelike ontwikkeling van kernnavorsing en die beskerming van kerngeheime. Dit is trouens reeds twintig jaar lank die geval, aangesien die oorspronklike Wet op Atoomkrag in 1948 aangeneem is. Hierdie wet⁽¹⁾ is sedert sy aanname tot 1967 nie minder nie as agt keer gewysig. Volgens die Minister van Mynwese, dr. Carel de Wet, het die wysiging van 1967 nodig geword om die oorgang van atoomkrag van oorlogsgebruik tot nywerheidsgebruik in die land te reël.⁽²⁾

Die pers het by hierdie maatreël belang omdat daarin betreklik uitvoerig voorsiening gemaak word vir die openbaarmaking van inligting in verband met kernnavorsing. Ingevolge daarvan word gevolglik sensuurmaatreëls met betrekking tot die publikasie van Suid-Afrikaanse kern- en atoominligting getref, waarby die staatsveiligheid uiteindelik ook in die gedrang kan kom.

Die openbaarmaking van inligting word by art. 30 verbied, wat o.m. bepaal:⁽³⁾
„Niemand mag sonder skriftelike toestemming...aan enigiemand, hetsy binne of buite die Republiek meedeel, versend of bekend maak, of mag gebruik maak van enige inligting met betrekking tot reserwevoorrade ertse wat bronmateriaal bevat of die jaarlikse produksie van sodanige materiaal of ertse aan enigiemand betaal, of enige ondersoek of navorsing of enige ontdekking of uitvinding betreffende die verwerking, herverwerking, verryking of gebruik van enige bronmateriaal of kern- of atoomkrag, of enige sodanige ondersoek of navorsing wat geheel of gedeeltelik deur die raad of die Staat gefinansier word en wat betrekking het op die prospektering na of die ontginning van of behandeling van ertse wat bronmateriaal bevat, of enigiets gedoen deur of ten behoeve van die raad by die uitoefening van sy bevoegdhede....”

Selfs die ontvangs van sodanige inligting word verbied⁽⁴⁾ sodat persmense wat sodanige inligting sou probeer vind, onmiddellik met die wet in botsing sou kom. Daar word voorts voorsiening gemaak vir „redelike stappe om sodanige inligting te beveilig.” terwyl amptenare van die Raad op atoomkrag hulle „so moet gedra dat geheimhouding nie in gevaar gestel word nie”.⁽⁵⁾

(1) Wet 35 van 1948.

(2) Hansard 1967, kol. 6978 e.v.

(3) Wet 90 van 1967, art. 30 (1) (a).

(4) Art. 30 30(1) (b).

(5) Art. 30 (1) (c).

Die Minister kan gelas dat enige verrigtinge, met inbegrip van arbitrasie, in camera gehou word en dat die publiek van daardie verrigtinge uitgesluit word.⁽⁶⁾ Geen verhoor of voorlopige ondersoek ingevolge hierdie wet vind egter sonder die skriftelike magtiging van die betrokke prokureur-generaal plaas nie.⁽⁷⁾

Die doel van hierdie artikel is duidelik die volledige beskerming van die land se atoomgeheime. Die enigste persone aan wie 'n mededeling gedoen mag word, is patentagente, advokate of prokureurs.⁽⁸⁾

Geen saak is dusver ingevolge die Wet op Atoomkrag aanhangig gemaak nie.

(6) Art. 30 (3).

(7) Art. 30 (4).

(8) Art. 30 (2).

X. Wet op Publikasies en Vermaaklikhede (26 van 1963)

Die bespreking van wetgewing rakende sensuur met die oog op staatsveiligheid kan afgesluit word met 'n saaklike verwysing na die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, nie omdat dit nuwe sensuurmaatreëls in verband met die staatsveiligheid bevat nie, maar omdat dit die Raad van Beheer oor Publikasies magtig om op sekere publikasies beslag te lê, waaronder publikasies wat staatsgevaarlik geag kan word. Publikasies wat in hierdie verband in die besonder van belang is, word omskryf in art. 5 (2) (c), (d) en (e). Daar word bepaal dat niemand 'n publikasie of voorwerp mag druk, uitgee, vervaardig, maak of voortbring nie wat geag word ongewens te wees indien dit of 'n deel daarvan „(c) enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak; (d) vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdele van die Republiek skadelik is; (e) vir die veiligheid van die staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is”.

Nie een van die subartikels van artikel 5 skep 'n nuwe misdaad of kom neer op 'n nuwe beletsel nie, maar art. 5 magtig die Raad van Beheer op Publikasies voorts om onder meer op kommunistiese en ander opruiende buitelandse geskryfte wat staatsgevaarlik kan wees, beslag te lê. In dié opsig is hierdie sensuurmaatreël dus vir die staatsveiligheid van belang.

Verskeie sake na aanleiding van hierdie wet het reeds in die Hooggeregshof en die Appèlhof gediën. In een van hierdie sake,⁽¹⁾ Publications Control Board v. William Heinemann Ltd., 1965 (4) S.A. 137 (A) het appèlregter Rumpff hom op p. 160 in 'n afwykende uitspraak soos volg oor die behoud van die vryheid van die pers uitgelaat: „The freedom of speech - which includes the freedom to print - is a facet of civilisation which always presents two wellknown inherent traits. The one consists of a constant desire by some to abuse it. The other is the inclination of those who want to protect it to repress more than necessary. The latter is also fraught with danger. It is based on intolerance and is a symptom of the primitive urge of mankind to prohibit that with which one does not agree. When a court of law is called upon to decide whether liberty should be repressed - in this case the freedom to publish a story - it should be anxious to steer a course as close to the preservation of liberty as possible. It should do so because freedom of speech is a hard-won and precious asset, yet easily lost. And in its approach to the law, including any statute by which the court may be bound, it should assume that Parliament, itself a product of political liberty, in every case intends liberty to be repressed only to such extent as it in clear terms declares, and if it gives a discretion to a court of law, only to such extent as is absolutely necessary”.

(1) Die bekende When the Lion Feeds-saak.